**Januarie - Februarie 2021**

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

**Vol. 20, No. 1** **Vertalings uit ’n vroeër gepubliseerde Jan-Feb 2020 *Tomorrow's World*-tydskrif**



*’n Persoonlike boodskap van*

*Gerald E. Weston, Hoofredakteur*

## Wat beteken “laat u koningkryk kom?

“Die Onse Vader” is vir baie mense bekend, maar hoeveel mense wat dit herhaal, verstaan wat hulle eintlik bid? Die gebed kan gevind word in twee verskillende Nuwe-Testamentiese gedeeltes. Dit is nodig om die twee weergawes met mekaar te vergelyk indien ons 'n behoorlike begrip daarvan wil hê.

Jesus het nooit bedoel dat hierdie gebed onoplettend herhaal moes word soos sommige mense doen nie. In plaas daarvan om 'n spesifieke gebed te wees wat woord vir woord herhaal word, is hierdie sogenaamde “Onse Vader” bedoel om 'n raamwerk te wees en is gegee in antwoord op 'n versoek van een van Jesus se dissipels. “En toe Hy op 'n sekere plek besig was om te bid, sê een van sy dissipels vir Hom ... Here , leer ons bid, soos Johannes ook sy dissipels geleer het” (Lukas 11:1).

Wat gevolg het, was Jesus se reaksie op daardie versoek. “En Hy sê vir hulle: Wanneer julle bid, sê ...” (Lukas 11:2). Indien ons net oor hierdie een weergawe beskik het, sou ons kon aanneem dat Hy wil hê ons moet hierdie presiese woorde memoriseer en herhaal, soos wat 'n kindjie bid voordat hy gaan slaap: “Voor my bedjie kniel ek nou ...” Ek en my suster het 'n gebedjie van dank geleer wat ons as kinders, sonder om te dink, gesê het voor aandete. Is dit werklik wat Jesus wil hê ons moet doen?

Die weergawe in Matthéüs voeg 'n effense afwykende nuanse by die onderwerp en vertel dat Hy beveel het: “Só moet julle dan bid ....” (Matthéüs 6:9). Dit is voorafgegaan met 'n belangrike waarskuwing: “En as julle bid, gebruik nie 'n ydele herhaling van woorde soos die heidene nie” (vers 7). Memorisering is goed en dien 'n belangrike doel. Soos ek aan die begin van hoofstuk ses in ons boekie, *Johannes 3:16 Verborge waarhede van die goue vers* noem, is die probleem met memorisering dat sodra ons die woorde leer ken, ons dikwels nie dink aan die betekenis daarvan nie.

**Drie belangrike woorde**

Alhoewel die sleutelwoorde belangrik is, wil ek op drie woorde konsentreer. Hoeveel mense verstaan wat hulle bid wanneer hulle die woorde “laat u koninkryk kom” (Matthéüs 6:10; Lukas 11:2) sê? *Wat* is hierdie Koninkryk, en *wanneer* kom dit? Hierdie inligting is meestal verborge vir die moderne hoofstroom Christendom. Sommige mense meen dat die koninkryk in hulle harte gevestig is. Ander mense dink dit is die kerk. Ander mense dink weer dat dit die hemel is. Wat is waar? Volgens die Bybel is nie een van hierdie opvattings waar nie!

Jesus se boodskap was reg van die begin af, die Koninkryk van God (Markus 1:14-15). Lukas vertel aan ons van 'n geleentheid toe Jesus, nadat

Hy op die Sabbat gepreek en mense genees het, daardie aand nog baie meer mense genees het. Hy het die volgende dag opgestaan om na 'n verlate plek te vertrek om verder te gaan. Die skares het Hom egter gevind en gesmeek om te bly. "Maar Hy het vir hulle gesê: Ek moet aan die ander stede ook die evangelie van die koninkryk van God bring, want daarvoor is Ek gestuur" (Lukas 4:43). Die Koninkryk van God was die vernaamste boodskap wat Jesus voortdurend tydens Sy aardse bediening verkondig het en 'n noukeurige bestudering van die vier Evangelies (Matthéüs, Markus, Lukas en Johannes), bevestig dit.

Die Koninkryk van God is die onderwerp van baie van Jesus se gelykenisse, wat dit duidelik stel (Markus 4:26–32; Lukas 13:20-21) of duidelik impliseer (Lukas 14:15-24). Jesus se luisteraars het verstaan dat Sy boodskap oor 'n komende Koninkryk handel (Lukas 19:11-27). Hulle het die tydsberekening verkeerd verstaan, maar hulle het verstaan dat Hy hulle geleer het dat daar 'n Koninkryk sal kom.

**Gefokus op die Koninkryk**

Daar is 'n rede waarom hierdie tydskrif wat u nou lees – asook ons beeldsending, wat op honderde stasies regoor die wêreld uitgesaai word –*The Tomorrow's World* genoem word. Ons praat nie van 'n wêreld van toenemende tegnologiese ontwikkelings wat

*Vervolg op bladsy 27*

## Inhoudsopgawe

**Voorblad**

**Persoonlik – Wat beteken "laat u koningkryk kom?**
Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**

**Sewe tekens van die Wederkoms** 3
Jesus Christus sal terugkeer! Terwyl baie mense beweer dat ons nie kan weet wanneer Hy sal kom nie, gee die Bybel duidelike tekens aan ons wat vir ons aandui dat die tyd naby is.

**Die wonderwerk by Midway** 10
Die belangrikste vlootoorwinnings in die geskiedenis is gedurende die Tweede Wêreldoorlog beleef. Watter belangrike waarheid word deur geskiedkundiges en Hollywood geïgnoreer wanneer hulle die verhaal van Midway vertel?

**Die sonde van vooroordeel, voortrekkery en partydigheid** 15

**Dagga - wonder genees-middel of slangolie?** 16
Die wêreld hang dagga aan en maak aanspraak daarop dat die plant en sy gewilde olies omtrent alles kan genees wat u pla. Maar, kan die aansprake deur feite bevestig word?

**God beskerm die koningin!** 21

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde** 23

**Die werke van Sy hande** 24

Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org

**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Gerald E. Weston
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Kuns Redakteur**
John Robinson
**Besturende Redakteur**
Wallace Smith

**Streeksredakteurs**
Robert Tyler (Australasië)
Stuart Wachowicz (Kanada)
Peter Nathan (Europa)

**Besigheidsbestuurder**
Dexter B. Wakefield

**Streekskantore**

**VERENIGDE STATE:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIë:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (61) 8 8383 6288
Faks: (61) 8 8127 9667

**KANADA:**
P.O. Box 409
Mississauga, ON L5M 0P6
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland 1140, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**VERENIGDE KONINKRYK:**
Box 111, Berkeley Square
London, W1J 5FJ
Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS 9880
Tel: 058 622 1424
Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# Sewe tekens van die Wederkoms

## Deur Richard F. Ames

Die einde van die wêreld interesseer miljoene mense. Baie van die gewildste rolprente soos die *Avengers: Endgame* van 2019, beeld die wêreld uit wat op die punt van vernietiging is, terwyl ander rolprente soos *Captain Marvel*, hierdie vernietiging uitbeeld te midde van konflik tussen magte van goed en kwaad. Ander gewilde rolprente soos die 2017-riller *Geostorm*, beeld wydverspreide natuurrampe uit wat die potensiaal het om ons hele planeet te vernietig.

Beeld enige van hierdie rolprente oor rampe 'n werklike toekoms uit?

Ongelukkig is die werklikheid van verwoestende rampe oral rondom ons of ons nou daarvan bewus is of nie. Hoeveel van ons in Noord-Amerika het selfs gehoor van die verskriklike oorstromings in Sentraal-Afrika in 2019, waartydens talle mense gesterf het en duisende van hulle uit hulle huise waarvan baie vernietig is, gedwing is? Vroeër het die orkaan Dorian skade aan die oostelike kus van Amerika veroorsaak wat die grootste natuurramp in die geskiedenis van die Bahamas was. Dit het ongeveer 70,000 mense haweloos gelaat en honderde mense het vermoedelik gesterf. Na raming het Dorian skade ten bedrae van $7 miljard aan eiendom in die Bahamas alleen berokken.

Elders het brande geweldige vernietiging veroorsaak. In die eerste nege maande van 2019 het meer as 40,000 veldbrande regoor die V.S. ongeveer 4,4 miljoen akker afgebrand. Kalifornië was een van die state wat die ergste getref is. In een verslag is opgemerk:

> Indien dit lyk asof veldbrande deesdae byna onafgebroke voorkom en dat daar nie meer 'n spesifieke brandseisoen in Kalifornië is nie, is u reg. Veertien van die 20 mees vernietigende brande in die geskiedenis van die staat het sedert 2007 voorgekom en Kalifornië het nou 78 méér "branddae" as 50 jaar gelede. Ons het 'n nuwe werklikheid besef sedert 2018 die ergste brandjaar geword het wat nog aangeteken is. Elke jaar kan nou moontlik die vorige jaar oortref en rekords opstel wat betref omvang, vernietiging, koste en lewensverlies ("*California Fires Are Getting Worse. What's Going On*?," *LAist.com*, 28 Oktober 2019).

In baie opsigte lyk dit of dinge in Kalifornië en elders besig is om al hoe erger te raak. Sommige mense sê dat daar nog altyd rampe was en dat natuurrampe nou 'n groter invloed op ons het, bloot as gevolg van die toename van ons bevolking. Ander mense erken die toenemende gevare, maar maak dit af as die gevolge van toevallige gebeurlikhede of 'n verskynsel soos wêreldwye klimaatsverandering.

Wat as daar egter 'n heel ander dimensie vir die oënskynlike toename in natuurrampe en wêreld-onrus is, maar wat daarvan as dinge *nie* beter word nie? Baie mense is geskok om te hoor dat die Bybel 'n dramatiese toename in spesifieke verskynsels en voorheen ondenkbare rampe en lyding voorspel. Die goeie nuus is egter dat Jesus Christus *sal* terugkeer en 'n einde aan al die onrus en lyding sal maak en dat u bemoediging daaruit kan put wanneer u vir die tekens van Sy Wederkoms uitkyk.

**Sal die mensdom oorleef?**

Ons leef tans midde in die mensdom se grootse eksperiment om self te regeer, met ander woorde, sonder God. Sal die 193 lidlande van die Verenigde Nasies ooit die weg na wêreldvrede vind? Die geskiedenis behoort die antwoord duidelik te maak! Twee wêreldoorloë gedurende die twintigste eeu was verantwoordelik vir die dood van miljoene mense en gewelddadige wreedheid wat tot nóg miljoene onskuldige burgerlikes se dood gelei het. Dit het die mensdom op die randjie van selfvernietiging gebring as gevolg van kernwapens. Selfs vandag hou biologiese, chemiese, kern- en ander bedreigings ons planeet op die rand van rampspoed en vernietiging.

Sal planeet Aarde dan enigsins oorleef? Is daar enige hoop vir wêreldvrede? Baie mense weet nie dat die Bybel spesifieke gebeure voorspel wat die einde van hierdie era sal inlei nie. Ons lees: "Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word" (Matthéüs 24:21-22).

*Wie* sal daardie dae verkort om ons te red? U Bybel openbaar dat Christus na hierdie aarde sal terugkeer om totale vernietiging van die wêreld te voorkom. Daar lê gevaar voor, maar die Skrif deel ons ook die wonderlike goeie nuus mee van 'n toekomstige wêreldregering onder die Koning van konings. Wat behoort ons te doen totdat Hy kom? Baie mense probeer om vir "vandag te leef" en alles wat hulle kan te geniet terwyl hulle die werklikheid vermy van dit wat gaan kom.

Christus wil egter hê dat ons anders sal wees. Hy vermaan ons: "MAAR pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorge van die lewe nie, en dié dag julle nie skielik oorval nie. Want soos 'n strik sal hy kom oor almal wat op die hele aarde woon. Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan" (Lukas 21:34-36).

Hierdie artikel ondersoek sewe tendense of tekens waarvoor ons behoort op te let. Terwyl ons daarvoor op die uitkyk is, sal ons besef dat ons daardie wonderlike dag nader wanneer Jesus Christus weer sal kom en die sewende basuin sal weerklink. "EN die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid" (Openbaring 11:15). Sal u gereed wees om Hom te ontmoet wanneer Hy kom? U sal gereed wees indien u Sy opdragte gehoorsaam terwyl u u daarvoor voorberei. Wees dus op die uitkyk vir hierdie sewe tekens!

**1. Toenemende gevaar van kernoorlog**

Ondanks baie verdrae wat bedoel is om die toename van kernwapens te beheer, is kundiges bekommerd. Een agentskap berig dat daar sedert 2016 "'n aansienlike agteruitgang was in die standaarde wat verband hou met wapenbeheer en risikovermindering" ("*Assessing Progress on Nuclear Nonproliferation and Disarmament*," *Arms Control Association*, Julie 2019, bl. v). Benewens die bekende kernnasies – Rusland, die Verenigde State, Frankryk, China, die Verenigde Koninkryk, Israel, Indië, Pakistan en Noord-Korea – het die verslag na Iran en Sirië gekyk, waar biologiese en ander vorms van dodelike wapens ook nagevors word en "bewyse gevind is dat Iran, Noord-Korea en Sirië almal onwettig handel dryf in stowwe en tegnologieë met dubbele gebruike [wapens en nie-wapens"] (bl. vi).

Sal Rusland een van sy geskatte 6,850 kernwapens in 'n toekomstige oorlog laat ontplof? Sal die Verenigde State een van sy 6,550 kernwapens laat ontplof? Ons behoort te onthou dat die mensdom daartoe neig om tegnologie *nie* onbenut te laat nie. In Januarie 2019 het die *Bulletin of the Atomic Scientists* ons aan hierdie gevaar herinner: "Die huidige situasie, waarin oorvleuelende kern-, klimaat- en inligtingsoorlogvoering dreige-

mente nie voldoende erken en aangespreek word nie of waar dit bloot geïgnoreer of ontken word, is onvolhoubaar. Hoe langer wêreldleiers en landsburgers hierdie nuwe en abnormale werklikheid met onverskilligheid bejeën, hoe groter is die kans dat die wêreld 'n ramp van geskiedkundige afmetings sal ervaar". *The Bulletin* noem ons huidige situasie "'n nuwe abnormaal" ("*A new abnormal. It is still 2 minutes to midnight*," *Bulletin of the Atomic Scientists*, 2019).

Ongelukkig bevestig u Bybel dat die mensdom nog nie klaar is met oorlog nie. Die Skrif voorspel die Derde Wêreldoorlog, wanneer 'n groot leër weswaarts oor die Eufraatrivier sal beweeg.

> "En die getal van die leërs van perderuiters was twee maal tienduisend maal tienduisend; en ek het hulle getal gehoor. En só het ek in hierdie gesig die perde gesien en die wat op hulle sit, met vuurrooi en blou en swawelgeel borsharnasse. En die koppe van die perde was soos leeukoppe, en uit hulle bekke het vuur en rook en swawel uitgegaan. Deur hierdie drie *plae* is 'n derde van die mense gedood, deur die vuur en deur die rook en deur die swawel wat uit hulle bekke uitgegaan het" (Openbaring 9:16-18).

So skokkend soos wat dit mag klink, sal 'n derde van alle mense in 'n toekomstige wêreldoorlog sterf! Wees op die uitkyk vir die ontwikkeling van kernvermoëns op die wêreldtoneel.

**2. Aardbewings en ander natuurrampe**

Soos ons hierbo gesien het gaan oorstromings en brande voort om ons planeet te verwoes en dit lyk of dit toeneem. Kyk na die volgende opmerkings deur die Evangelis Gerald E. Weston, hierdie tydskrif se Hoofredakteur, in sy insiggewende boekie *"Acts of God: Why Natural Disasters?"*

> Hawaii is 'n baie gewilde toeristebestemming en net so is die eilande van die Suidelike Stille Oseaan. Hierdie pragtige vulkaniese eilande is die bron van liedere en musiekblyspele. Soos ons egter weet, kan vulkane baie gevaarlik wees vir almal wat te na daaraan woon. Duisende mense het in Pompeii en omgewing omgekom toe die berg Vesuvius in 79 n.C. uitgebars het. Sewe-en-vyftig mense het gesterf toe die berg St. Helens op 18 Mei 1980 uitgebars het ... Daar was waarskuwingstekens van 'n ramp-in-wording, net soos daar ook was voor die berg Vesuvius uitgebars het. Die noordekant van St. Helens het ongeveer 300 voet [± 91 meter] uitgebult en het vyf tot ses voet [± 1-2 meter] per dag gegroei. Waarskuwings om die gebied te ontruim is gegee, maar soos so dikwels die geval is, slaan mense nie ag op sulke waarskuwings nie: "As 'n skrandere die onheil sien, verberg hy hom; *maar* die eenvoudiges gaan verder, word gestraf" (Spreuke 27:12).

Natuurrampe veroorsaak menslike sowel as finansiële verwoesting soos ons vroeër gesien het. Die *National Oceanic and Atmospheric Administration* (NOAA) het aan die einde van 2019 berig dat die V.S. sedert 1980 meer as $1,7 biljoen aan finansiële verliese gely het as gevolg van 254 ernstige weerverskynsels wat die land meer as $1 miljard elk gekos het. Gedurende 2019 was dit die vyfde agtereenvolgende jaar waarin die V.S. tien of meer afsonderlike miljarde dollar skade gely het as gevolg van natuurrampe (*"Billion-Dollar Weather and Climate Disasters: Overview*," *NCDC.NOAA.gov*, 8 Oktober 2019). Volgens die NOAA het natuurrampe die Verenigde State in 2018, konserwatief bereken, $91 miljard gekos, terwyl verskeie versekeringsmaatskappye soos *Munich Reinsurance* selfs hoër beramings toon.

Hierdie syfers toon slegs die V.S. se verliese. Een enkele gebeurtenis in 2011, naamlik die aardbewing en tsoenami wat op 11 Maart die Fukushima-kernkragsentrale in Japan beskadig het – word verbind met meer as 20,000 sterfgevalle en ekonomiese skade van $360 miljard. Dit vergelyk met "slegs" $250 miljard skade en die bykomende ekonomiese impak in Amerika as gevolg van die orkaan Katrina in 2005.

Ons sou kon aangaan met hierdie lys van gebeure en die lyding wat dit veroorsaak betreur, maar u Bybel openbaar dat die ergste rampe van vandag gering is in vergelyking met dit wat aan die einde van hierdie tydperk sal voorkom. Die boek Openbaring verduidelik: "En daar het stemme gekom en donderslae en bliksemstrale, en daar het 'n groot aardbewing gekom soos daar nog nie gewees het vandat die mense op die aarde was nie – so 'n geweldige groot aardbewing" (Openbaring 16:18).

Die Skrif openbaar dat daar verskriklike tye voorlê voor Christus se Wederkoms. "Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en pes-siektes en aardbewings op verskillende plekke. Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte" (Matthéüs 24:7-8).

Natuurlik is dit verstandig om voor te berei vir 'n nood-toestand of natuurrampe wat af en toe mag voorkom. Terwyl "diegene wat voorberei vir die oordeelsdag" egter groot hoeveelhede voedsel, water en voorrade opberg, is die enigste voorbereiding wat u uiteindelik sal beskerm teen wat die wêreld sal tref, om ná aan u Verlosser te bly en te doen wat Hy u aansê om te doen!

**3. 'n Verenigde Europa streef na wêreldwye voorrang**

Die Europese Unie het die uitdaging van "Brexit" beleef – die twispunt rondom die Britse kiesers se keuse om die Europese Unie te verlaat asook die gevolge daarvan. Die EU het ook 'n stryd met probleme wat veroorsaak word deur toe-stroming van vlugtelinge en ander immigrante, waarvan sommiges die totaal verskillende waardes van die lande wat hulle agtergelaat het, na hulle nuwe lande saambring. Kleiner en swakker EU-lande is wrokkig omdat Duitsland daarna streef om 'n leiersrol in ooreen-stemming met sy ekonomiese mag uit te oefen, terwyl almal ontsenu is deur die onsekere aard van die Verenigde State se verbintenis tot die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie (NAVO).

Baie mense sien in dat slegs 'n sterk en charismatiese mag, eenheid na die sukkelende EU kan bewerkstellig. Inderdaad, u Bybel profeteer dat so 'n leier wel gaan kom, wat gesimboliseer word deur 'n dier met sewe koppe en tien horings. God openbaar die betekenis van hierdie simbool: "En die tien horings wat jy gesien het, is tien konings wat nog geen koningskap ontvang het nie, maar hulle ontvang mag soos konings een uur lank saam met die dier. Hulle het een gesindheid en sal hulle krag en mag oorgee aan die dier" (Openbaring 17:12-13).

Tien konings of koninkryke sal hierdie charismatiese leier ondersteun en 'n magtige, verenigde moondheid teweeg-bring. Die Europese Unie is tans nie so verenig nie, maar wees bedag op internasionale ge-beure wat 'n toekomstige samestelling van nasies in Europa sal aanspoor om 'n finale herlewing van die geskied-kundige Romeinse Ryk te bewerkstellig, wat die wêreld op politiese en militêre gebied sal oorheers. Let op die beskrywing van daardie mag: "En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan ... en die dier aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer?" (Openbaring 13:3-4). Die wêreld se magstruktuur sal in die komende jare dramaties verander. Hou ver-wikkelings in Europa dop namate 'n opkomende Europese Unie hom vir wêreldwye oor-heersing beywer en dit uitein-delik ook bereik.

**4. 'n Magtige leier verenig miljarde mense in 'n gods-diensherlewing**

Ons het die profesie gesien van 'n groot supermoondheid wat op die wêreldtoneel te voorskyn sal kom, maar let op dat daar 'n *ander* wêreldfiguur is wat ook as 'n dier beskryf word. *Hierdie* simboliese dier het twee horings

soos 'n lam.

> "EN uit die aarde het ek 'n ander dier sien opkom, en hy het twee horings gehad net soos 'n lam en het gepraat soos 'n draak. En hy oefen al die mag van die eerste dier uit voor sy oë, en hy maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier aanbid, waarvan die dodelike wond genees is. Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense. En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle 'n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het" (Openbaring 13:11-14).

Jesus Christus word die Lam van God genoem. Daarteenoor sal hierdie godsdienstige bedrieër Christelik ***voorkom*** maar práát soos 'n draak. Dit is nodig dat u op die uitkyk sal wees vir 'n internasionaal gerespekteerde godsdienstige figuur wat 'n invloed sal uitoefen op 'n Europese politieke en militêre supermoondheid. U mag nie toelaat dat hy u mislei nie, alhoewel sy bedrieglike wonderwerke sal veroorsaak dat miljoene mense hom en sy valse godsdiens sal volg. Let op: "... hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen" (2 Thessalonicense 2:9). Een van hierdie valse profeet se leuenagtige wonders sal wees om vuur uit die hemel te laat kom, soos ons in Openbaring 13:13 sien.

Die apostel Paulus benadruk dit dat hierdie valse profeet 'n dienskneg van Satan sal wees en nie van God nie en met die koms van Jesus Christus, die Koning van die konings, geoordeel sal word: "... en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak" (2 Thessalonicense 2:8). Wees op die uitkyk vir godsdienstige tendense in Europa, waar 'n groot herlewing van godsdiens miljarde mense na 'n valse en wettelose godsdiens sal aanlok.

**5. Die gruwel van die verwoesting**

Jesus het aan ons 'n uiters belangrike waarskuwingsteken gegee: "WANNEER julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom – laat hy wat lees, oplet – dan moet die wat in Judéa is, na die berge vlug" (Matthéüs 24:15-16). Indien u die boeke van Daniël en Matthéüs in u Bybel gelees het, was u dalk dronkgeslaan oor wat die geheimsinnige "gruwel van die verwoesting" is. Wat is dit en wat beteken dit in die eindtydse profesie?

Dit is duidelik 'n belangrike teken om te verstaan. Dit is die teken dat God se mense sal vlug en die finale drie-en-'n-half jaar lange opeenvolging van profetiese verwoestings van die eindtyd ontsnap.

Geskiedkundig het die Griekse heerser Antiochus Epiphanes in 167 v.C. 'n dekreet uitgevaardig wat die Jode verbied het om tempel-offers te bring. Ons lees: "En deur hom sal leërs op die been gebring word en die heiligdom, die vesting, ontheilig, en hulle sal die voortdurende offer afskaf en die ontsettende gruwel opstel" (Daniël 11:31). Antiochus het nie net die daaglikse offers belet nie, maar hy het ook 'n standbeeld van Jupiter Olympus in die tempel opgerig en almal opdrag gegee om dit te aanbid.

Hierdie gebeurtenis, wat ook in Daniël 8 beskryf word, was 'n *voorafskaduwing* van 'n geprofeteerde eindtydse mylpaal. "En van die tyd af dat die voortdurende offer afgeskaf en die ontsettende gruwel opgerig word, sal duisend-tweehonderd-en-negentig dae verloop" (Daniël 12:11).

Ja, 1,290 dae voor Jesus Christus se Wederkoms, sal diere-offers weer beëindig word! Jesus waarsku Christene om bedag te wees op 'n gruwel van die verwoesting in die eindtyd! Net soos Antiochus Epiphanes die tempel ontheilig het en die offers in 167 v.C. beëindig het,

so sal 'n goddelose gesag ook in die toekoms Joodse offers verbied! Dit is nodig om te let op die verwikkelings in Israel wat sal lei tot die herinstelling van diere-offers deur godsdienstige Jode en vir verwikkelings wat tot 'n internasionale verdrag sal lei wat hierdie offers moontlik sal maak.

**6. Die Evangelie van die Koninkryk van God word aan alle nasies verkondig**

Jesus het hierdie teken gegee om die einde van die mensdom se mislukte pogings aan te dui om wêreldvrede te bewerkstellig: "En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom" (Matthéüs 24:14). U lees voortdurend van daardie Evangelie in hierdie tydskrif, wat die wêreld van môre en die Koninkryk van God op aarde verkondig. Ja, die Koninkryk van God se wêreldheerskappy sal vrede en voorspoed vir alle nasies bring. Dit sal regeer word deur die Koning van die konings en die Here van die here, Jesus Christus. Trouens, Jesus het gekom om daardie Evangelie, oftewel goeie nuus, te verkondig: "EN nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie" (Markus 1:14-15).

Die profeet Jesaja openbaar 'n inspirerende belofte van die Messias se wêreldregerende Koninkryk van vrede: "Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors – tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die HERE van die leërskare sal dit doen" (Jesaja 9:5-6).

Die huidige wêreld van konflikte, onderdrukking en oorloë sal deur die Koninkryk van God vervang word – die Regering van God. "EN die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid" (Openbaring 11:15).

**7. Hemelse tekens en die Dag van die Here**

Baie mense wat wêreldnuus dophou en Bybelprofesie bestudeer, weet dat 'n kosmiese versteuring in die hemelruim 'n ieder en 'n elk op aarde sal skok. Sommige Bybels het 'n opskrif bo-aan Openbaring 6:12: "Die sesde seël word oopgemaak" – maar waarna verwys dit? Verwys dit na die onlangse verduisterings van die "bloedmaan" wat soveel aandag getrek het? Ons lees die volgende:

> "En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed; en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval; en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit; en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge, en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?" (Openbaring 6:12-17).

Die sogenaamde verduisterings tydens die "bloedmaan" herinner ons beslis aan hierdie geprofeteerde gebeurtenis, maar die werklike verskynsels sal baie meer indrukwekkend wees – selfs vreesaanjaend – dit sal nie verklaar kan word deur die posisies van die aarde, son

en maan nie. Hierdie geprofeteerde kosmiese versteurings sal die Dag van die Here, die "groot dag van sy [Christus] toorn" inlui. Deur die Skrif waarsku God ons vooraf van die toekomstige oordele. Die maan sal verander na die kleur van bloed en die son sal donker word. Duisende meteore sal die hemelruim verlig.

Ja, oordeel is aan die kom oor alle nasies van planeet Aarde. Hoe kan u die Groot Verdrukking en die Dag van die Here vryspring? Ons Verlosser vermaan ons: "MAAR pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorge van die lewe nie, en dié dag julle nie skielik oorval nie. Want soos 'n strik sal hy kom oor almal wat op die hele aarde woon. Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan" (Lukas 21:34-36).

**Die gevolgtrekking betreffende hierdie aangeleentheid**

Sommige predikante verkondig 'n misleidende boodskap, naamlik dat ons nie die profesieë kan verstaan nie en dat Jesus Christus enige oomblik kan terugkeer. Inteendeel, soos ons in die Bybel sien en soos u aan die hand van ander *Wêreld van Môre*-publikasies weet, is daar 'n spesifieke profetiese raamwerk waarin u vertroue kan hê. Wat van u persoonlik? U kan te eniger tyd sterf en tydens die opstanding van die heiliges wakker word of tot 'n opstanding van oordeel. U kan nie bekostig om dit uit te stel om aan u Verlosser gehoor te gee nie!

Ons sien uit na die Wederkoms van die Messias, Jesus Christus, om oor alle nasies te regeer en die Koninkryk van God op aarde te vestig. Wat is ***u*** belangrikste doelwit? U Bybel gee ons die belangrikste en noodsaaklikste doelwit wat ons ooit sou kan stel: "Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word" (Matthéüs 6:33). Wees op die uitkyk vir hierdie sewe tekens van Christus se Wederkoms, berei u voor en bid: "... laat u koninkryk kom" (Matthéüs 6:10). WvM


# Veertien Tekens wat Christus se Wederkoms aankondig

***Weet u watter gebeure die grootste gebeurtenis van alle tye – Christus se terugkeer na hierdie aarde – sal aankondig?***

***Leer waarvoor om op die uitkyk te wees in die huidige chaotiese wêreldsituasie sodat u nie verward of onvoorbereid sal wees nie.***

Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike en insiggewende boekie te ontvang!

# Die wonderwerk by Midway

## Deur Douglas S. Winnail

*Wat Hollywood en geskiedkundiges vergeet het*

Die onlangse vrystelling van die film *Midway* het die aandag weereens op een van die belangrikste veldslae van die Tweede Wêreldoorlog gevestig en ook op 'n *verstommende* keerpunt in die oorlog in die Stille Oseaan. Die toekoms van die Verenigde State en die Japanese Ryk was op die spel in hierdie dodelike stryd. 'n Reeks merkwaardige gebeure tydens hierdie verwoede seegeveg het *skielik* die verloop van die stryd asook die verloop van die oorlog dramaties verander – om nie te praat van die verloop van die geskiedenis nie.

Wat was die merkwaardige gebeure wat dié skielike ommekeer veroorsaak het vir die Amerikaners sowel as vir die Japanese? Watter lesse kan ons leer uit 'n baie betekenisvolle veldslag wat byna 80 jaar gelede geveg is naby twee klein eilandjies in die sentrale Stille Oseaan? *Waarom* is hierdie lesse vandag vir elkeen van ons belangrik?

Daar is in talle boeke al probeer verduidelik waarom die Japanese 'n deurslaggewende geveg verloor het terwyl hulle vol vertroue was dat hulle sou wen en waarom die Amerikaanse magte skielik die oorhand gekry het toe húlle eintlik vernietig moes gewees het. Geskiedkundiges wys op besluite van bevelvoerders, gevegsfoute, verskillende gevegstaktieke, beter inligting met betrekking tot intelligensie en spesifieke weersomstandighede. 'n Ander faktor wat dikwels krediet kry vir die verrassende ommekeer van gebeure tydens die Slag van Midway, *is net eenvoudig geluk!* In die 1976-film *Midway* het die akteur Henry Fonda, in die rol van Admiraal Chester Nimitz, die welbekende vraag gevra: “Was ons beter as die Japanese of net gelukkiger?” Dit het inderdaad gelyk of die Amerikaners voordeel getrek het uit meer as net 'n bietjie “geluk”, terwyl dit gelyk het of die Japanese telkens weer aan die kortste end getrek het tydens die geveg.

Soos ons in hierdie artikel sal sien, was daar *meer* aan Midway verbonde as net 'n saak van “gelukkig” of “ongelukkig” te wees! Daar was 'n *ander belangrike faktor* in die verstommende ommekeer van sake – 'n faktor wat geskiedkundiges dikwels aanvoel en daarop sinspeel, maar selde direk daarna verwys. Soos wat ons die merkwaardige reeks gebeure ondersoek wat bygedra het tot die verrassende afloop van die Slag van Midway, sal die *aard* van hierdie belangrike faktor duideliker word.

**Die toneel word voorberei**

Hoe het Amerikaanse en Japanese magte hulleself in 'n stryd van lewe en dood bevind in die middel van die Stille Oseaan, duisende kilometers van hulle vaderlande af? Die twee nasies is in 'n dodelike konflik ingedwing ná 'n verrassende en verwoestende aanval deur Japanese vliegtuie op 7 Desember 1941 op die Amerikaanse vlootbasis in Hawaii. Die destydse president Franklin Roosevelt het dit “'n datum wat eerloos sal voortleef” genoem. Die aanval op Pearl Harbor was deel van Japan se plan om die Amerikaanse vlootmag in die westelike Stille Oseaan te vernietig en die mag en invloed van die Japanese Ryk uit te brei. Die aanval teen dagbreek het Amerika se vlootmag in die Stille Oseaan lamgelê en in die daaropvolgende dae het die Japanese die Filippyne binnegeval, twee Britse oorlogskepe in die Indiese Oseaan gekelder en Singapoer – die “Gibraltar van die Ooste” – oorgeneem. Gedurende die ses maande na die aanval op Pearl Harbor was die Japanese aanvalsmagte *onstuitbaar* en hulle het die een oorwinning na die ander behaal, terwyl Amerika en sy bondgenote van een nederlaag na die ander voortgesteier het. Gedurende hierdie tyd het 'n

Japanese duikboot langs die kus van Kalifornië opgeduik en vir byna 'n halfuur lank 'n olie-raffinadery naby Santa Barbara gebombardeer, voordat dit op die oppervlakte kuslangs gevaar het en uiteindelik onder die water ingeduik en in die Stille Oseaan verdwyn het.

In 'n poging om 'n teenaanval te loods, het Luitenant-kolonel James Doolittle, 16 Amerikaanse bomwerpers vanaf 'n vliegdekskipbasis gelei in 'n verrassingsaanval op verskeie Japanese stede, wat vir die film *Thirty Seconds Over Tokyo* in toneelvorm verwerk is. Baie van die Amerikaanse bomwerpers het egter as gevolg van 'n tekort aan brandstof, buiklandings langs die kus van China uitgevoer. In reaksie op die aanval het die Japanese weerwraak teen die Chinese geneem deur die dorpies te verwoes wat die lewens van ongeveer 250,000 burgerlikes geëis het in gebiede waar inwoners daarvan verdink was dat hulle Amerikaanse vlieëniers wat moes land, gehelp het.

Verheug met hulle sukses en vol selfvertroue en dalk 'n bietjie wraaksugtig, het die Japanese Admiraal Yamamoto beplan om die Amerikaanse vlootmag in die Stille Oseaan uit te wis deur Midway, wat 'n uiters belangrike punt vir die beheer van seeroetes in die Stille Oseaan was in te val. Hy het gehoop om die Amerikaanse vliegdekskepe in 'n lokval te lei waar hulle in een laaste rampspoedige geveg deur Japanese oorlogskepe vernietig sou word, waarna die verslane Amerikaners dan vir vrede sou vra. Dit was die plan. Wat die Japanese nie besef het nie, was dat die Amerikaners enkele dae voor die Slag van Midway die Japanese militêre kode ontsyfer het en so die ligging van die dreigende aanval kon vasstel. Toe die magtige Japanese aanvalsmag in die waters net voor Midway aangekom het, was die Amerikaners reeds in posisie – in afwagting en op die uitkyk.

**Noodlottige stryd**

Op die oggend van 4 Junie het 'n Amerikaanse verkennings-vliegtuig van Midway die Japanese aanvalsvloot raakgesien, net toe die vliegtuig se brandstof byna gedaan was. In reaksie hierop is Amerikaanse bomwerpers van Midway af gestuur, maar ure later toe hulle die Japanese aanvalsvloot bereik het, het *nie een van hulle bomme hulle beoogde teikens getref* nie – 'n aanduiding van hoe moeilik dit is om 'n bewegende teiken op die oseaan vanaf 'n groot hoogte te tref.

Die eerste eskader vliegtuie wat Midway vanaf die Japanese vliegdekskepe aangeval het, het aansienlike skade aangerig, maar die aanvoerder van die eskader het gevoel dat 'n tweede aanval nodig sou wees: Dus het die Japanese Admiraal Nagumo beveel dat die terugkerende vliegtuie met bomme herlaai moes word. Nadat hy egter verneem het dat Amerikaanse vliegdekskepe in die omgewing was, het hy beveel dat die vliegtuie met torpedo's herlaai moes word. Dit het alles kosbare tyd in beslag geneem.

Gedurende hierdie tyd het vliegtuie van die Amerikaanse vliegdekskepe die Japanese vliegdekskepe begin aanval. Die Japanese skepe het van koers verander en dus was hulle nie waar die Amerikaanse vlieëniers gedink het hulle sou wees nie. Trouens die meeste vegvliegtuie en duikbomwerpers van een vliegdekskip het, toe hulle nie die Japanese vloot kon opspoor nie, na die vliegdekskip teruggekeer of as gevolg van 'n tekort aan brandstof 'n noodlanding op see uitgevoer. Die eskaderleier van die Amerikaanse torpedo-bomwerpers het egter 'n ingewing gekry, die Japanese vliegdekskepe gevind en onmiddellik aangeval. Die Amerikaanse torpedobomwerpers was egter stadig en moes in 'n reguit lyn net bokant die golwe vlieg om hulle torpedo's te kon lanseer. In hierdie posisie en sonder die beskerming van vegvliegtuie, was die bomwerpers uiters kwesbaar vir lugafweergeskut en die baie vinniger Japanese vegvliegtuie, die “Zeros”. *Al die torpedo-bomwerpers is vernietig sonder om die Japanese vliegdekskepe skade te berokken*. Tydens die aanval het 'n Amerikaanse duikboot 'n torpedo na die Japanese torpedojaer *Arashi* gelanseer, maar die torpedo het die teiken gemis en die torpedojaer het die duikboot verjaag.

Duikbomwerpers van die

Amerikaanse vliegdekskepe het geen Japanese skepe gevind toe hulle by hulle aanvanklike bestemming aangekom het nie. Die leier van die eskader het egter toevallig die kielwaterskuimspoor van die Japanese torpedojaer *Arashi* opgemerk waar dit in dolle vaart was om weer by die Japanese vloot aan te sluit en hy het dit direk na die Japanese vliegdekskepe gevolg. Toe die Amerikaanse duikbomwerpers gearriveer het, het hulle gevind dat daar geen Japanese vegvliegtuie in die lug bokant die vliegdekskepe was nie. Die Zeros vegvliegtuie was almal beveel om te daal om Amerikaanse torpedobomwerpers wat laag vlieg aan te val. Die verstommende resultaat was dat daar binne ongeveer vyf minute drie Japanese vliegdekskepe deur ontploffings uitmekaar geruk is en in vlamme gehul was as gevolg van ongehinderde aanvalle deur Amerikaanse bomwerpers. Die bedreiging van die magtige Japanese armada is binne enkele minute lamgelê. 'n Paar uur later is die vierde vliegdekskip van die Japanese vloot dieselfde slag toegedien. Die aanvallende Japanese mag, wat vas van plan was om die Amerikaanse vliegdek-vlootmag vas te keer en te vernietig, het self in 'n dodelike lokval ingevaar. Hulle is oortuigend verslaan, met die verlies van vier vliegdekskepe, 330 vliegtuie en 2,500 soldate wat onvervangbare vlieëniers en hoogs opgeleide grondbemanning ingesluit het. Die Amerikaners het een vliegdekskip, een torpedojaer, 147 vliegtuie en 307 man verloor.

Die militêre geskiedskrywer John Keegan, het dit beskryf as die "mees indrukwekkende en beslissende slag in die geskiedenis van see-oorlogvoering" (*The Second World War*, 2005, bl. 275). Die onverwagse Amerikaanse oorwinning by Midway het 'n ommekeer van sake in die oorlog in die Stille Oseaan veroorsaak en die verloop van die geskiedenis verander.

**Die wonderwerk van Midway**

Op die oggend van 4 Junie 1942 was die vreesaanjaende Japanese vliegdekskip-vloot op pad na Midway. Dit was die magtigste militêre armada wat ooit byeengebring is. Nogtans, teen sononder op dieselfde dag, is hierdie ontsaglike versameling van skepe en vliegtuie vernietig en Japan se hoop om hulle Ryk in die Stille Oseaan uit te brei, was geruïneer. Voor Midway het die Japanese magte slegs oorwinnings geken. Na Midway het hulle 'n reeks nederlae deur die toedoen van Amerika en sy bondgenote gely.

Was hierdie verstommende wending maar net 'n kwessie van *geluk, toeval* of *noodlot?* Met inagneming van die merkwaardige reeks gebeure wat gelei het tot die Amerikaanse oorwinning en ommekeer van die oorlog in die Stille Oseaan, het baie mense gevoel het dat daar *meer* by die verhaal betrokke is as gelukkige toeval.

Net toe die Japanese armada vertrek het, het een van Admiraal Nagumo se lugbevelvoerders blindedermontsteking ontwikkel en moes hy van sy pligte onthef word. 'n Paar dae later is die hoofbevelvoerder wat die lugaanval op Pearl Harbor beplan het, met longontsteking platgetrek. Enkele dae voordat die armada sou aanval, het Amerikaanse kodebrekers Midway geïdentifiseer as die teiken van 'n komende aanval. Alhoewel Admiraal Nimitz met teenstand van sy hoofde in Washington te kampe gehad het, het iets hom laat besluit om die inligting te vertrou wat deur sy intelligensiespan verskaf is. Dan was daar die element van verrassing. Was dit net toevallig dat die Amerikaanse verkenningsvliegtuig die aanvalsmag eerste opgemerk het nét toe die vliegtuig byna sonder brandstof was en die vlieënier gereed gemaak het om terug te keer? Hierdie vroeë waarskuwing van die dreigende aanval het die V.S. se magte op Midway asook die Amerikaanse vliegdekskepe in staat gestel om voor te berei om die vyand te ontmoet.

Was dit net toevallig dat toe die Amerikaanse loodse nie die Japanese vloot as gevolg van laasgenoemde se koersverandering kon opspoor nie, dit vir die eskaderleier van die Amerikaanse torpedobomwerpers moontlik was om die Japanese vloot op die ingewing van die oomblik op te spoor? Was dit net "geluk" dat die eskaderleier van die Amerikaanse duikbomwerpers, wat ook op soek was na die ont-

wykende Japanese vloot, 'n paar minute later skielik die kielwater van die Japanese torpedojaer *Arashi* raakgesien het, wat hom direk na die Japanese vloot gelei het? Was dit toevallig dat hy net betyds opgedaag het om te sien hoe die Zeros vegvliegtuie laer daal om die Amerikaanse torpedobomwerpers wat laag vlieg aan te val en die Amerikaanse duikbomwerpers 'n kans te gee om uit die bloute, skielik af te duik en die kwesbare Japanese vliegdekskepe te vernietig? Was dit net toeval dat die Japanese Admiraal Nagumo besluit het om sy vliegtuie met torpedo's te herlaai om die bomme te vervang, wat die Amerikaanse duikbomwerpers die tyd gegee het wat hulle nodig gehad het om op te daag en hulle verwoestende aanvalle op die Japanese vliegdekskepe te begin?

Hierdie onwaarskynlike besonderhede is slegs enkele van die merkwaardige gebeure waarna gesamentlik as die “wonderwerk” van Midway verwys word (sien *Seven Miracles that Saved America* deur Chris en Ted Stewart, bll. 198-248). Daar is egter nog méér om oor na te dink.

**'n Goddelike plan**

Die meeste rolprentvervaardigers van Hollywood, geskiedkundiges en akademici wat oor die Slag van Midway nadink, neem slegs die fisiese aspekte van hierdie groot gevegte in aanmerking. Tog is daar 'n *geestelike aspek* van die geskiedenis wat al te dikwels oor die hoof gesien en geïgnoreer word. In die Roland Emmerich-film *Midway* van 2019 word God se naam slegs in vloektaal gebruik en dit deur 'n jong matroos wat vra waarom dit nodig is dat hy stoele vir 'n kerkdiens moet regsit as hyself nie eers in God glo nie. Sulke opmerkings kom al hoe meer voor in ons wêreldse samelewing, waar dit die norm word om godsdiens te bespot – veral die Christendom. In so 'n omgewing is dit nie verbasend dat wêreldse geleerdes en skrywers nie rekening hou met God se hand in geskiedkundige gebeure nie.

Die Bybel openbaar egter dat daar 'n God *is* wat die verloop van die geskiedenis *lei.* Ons lees in die Skrif van God: “Hy maak nasies groot en laat hulle omkom” (Job 12:23), ook, “Hy sit konings af en stel konings aan” (Daniël 2:21) en dat “die Allerhoogste mag het oor die koningskap van die mens” (sien Daniël 4:17, 25, 32). Anders as die mensdom, voorspel die God van die Bybel die toekoms en bring dit ten uitvoer om Sy plan en doel te bereik (Jesaja 46:8-11).

Die Bybel openbaar ook dat God gekies het om met 'n man met die naam Abraham en sy nageslag te werk as deel van 'n allesomvattende plan. As beloning vir sy gehoorsaamheid, beloof God dat die nageslag van Abraham 'n groot nasie sou word en 'n seën sou wees vir die volke van die aarde (Génesis 12:1-3; 18:18-19). Hoe daardie beloftes op 'n merkwaardige manier vervul is, word in ons boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?,* uiteengesit. God het ook antieke Israel (en sy nageslagte) vir 'n spesiale verantwoordelikheid gekies (Exodus 19:5-6; Deuteronómium 7:6). Omdat die Wette van God aan hulle gegee is, was die Israeliete veronderstel om 'n lig vir die wêreld te wees, wat 'n ander lewenswyse demonstreer (Deuteronómium 4:6-8). Daar is aan hulle gesê: “En julle sal jul vyande agtervolg, en hulle sal voor julle val deur die swaard. Vyf van julle sal honderd agtervolg, en honderd van julle sal tienduisend agtervolg; en julle vyande sal voor julle val deur die swaard” (Levítikus 26:7-8) en “Die HERE sal maak dat jou vyande wat teen jou opstaan, voor jou verslaan word; op een pad sal hulle teen jou uittrek en op sewe paaie voor jou uit vlug” (Deuteronómium 28:7) Dit was beslis die geval in die Slag van Midway, waar God hierdie beloftes vervul het in 'n merkwaardige reeks gebeure wat die verloop van die geskiedenis verander het en wat toegelaat het dat Amerika die magtigste nasie in die wêreld geword het – alles in ooreenstemming met God se plan en Sy beloftes aan Abraham.

Om egter in so 'n geseënde situasie *te kon bly*, sou bepaal word deur Israel se toewyding en gehoorsaamheid aan God. God het gewaarsku dat indien die Israelitiese nasies God sou vergeet en van Sy Wette afvallig sou word, dit ernstige gevolge sal hê – hulle sal die verowerdes

word, nie die oorwinnaars nie: "... soos die nasies wat die HERE voor julle vernietig, so sal julle omkom, omdat julle na die stem van die HERE julle God nie geluister het nie" (Deuteronómium 8:20). Moses het ook aan hulle gesê dat indien hulle van hulle Skepper afvallig sou word, hulle vyande oor hulle sou regeer omdat God hulle "trotse mag sal verbreek", deur toe te laat dat die Israeliete verslaan word, onder die nasies versprei word en hulle sou dien en dat hulle stede wildernis en puinhope word, terwyl hulle magteloos sou wees om hulleself te beskerm (sien Levítikus 26:14-15, 17, 19, 33, 37).

Die Skrif openbaar dat, hoewel hierdie profesieë sekerlik van toepassing was op gebeure uit die antieke tye van die Israelitiese geskiedenis, dit uiteindelik vervul sal word wanneer ons die einde van hierdie huidige tydperk nader. Moses het gewaarsku: "Want ek weet dat julle ná my dood gewis verderflik sal handel en sal afwyk van die weg wat ek julle beveel het, sodat die onheil julle aan die einde van die dae sal teëkom, omdat julle sal doen wat verkeerd is in die oë van die HERE om Hom deur die werk van julle hande te terg" (Deuteronómium 31:29). Die woorde van Moses sal vervul word aan die einde van hierdie tydperk, in "'n tyd van benoudheid vir Jakob" (Jeremia 30:7) – omdat die nageslag van Abraham vergeet het wie hulle is en hoe God hulle op talle geleenthede in hulle geskiedenis geseën en beskerm het, met inbegrip van die Slag van Midway.

**Lesse vir vandag**

Sal hedendaagse toeskouers wanneer hulle na die jongste rolprent oor Midway kyk en die wonderlike uitkoms van 'n merkwaardige reeks gebeure sien waartydens die geveg skielik ten gunste van die Amerikaanse magte omgeswaai het en die verloop van die geskiedenis verander het, erken dat daar *werklik* 'n God *is* wat ingryp in wêreldsake? Dieselfde God wat die hedendaagse Israelitiese nasies verlos het van wat 'n onvermydelike ramp moes gewees het, sal dieselfde volke binnekort swaar straf, omdat hulle Sy Wette verwerp en hulle eie wonderlike geskiedenis van verlossing vergeet het. Tensy die hedendaagse Israelitiese nasies van koers verander en hulle bekeer van hulle veragting van God se Wette – soos wat hulle voortdurend doen deur die bevordering van homoseksualiteit en dieselfde-geslag huwelike, moord op ongebore kindertjies en ander nasionale sondes, sal toekomstige ontmoetings met vyandelike nasies baie anders eindig as die Slag van Midway. Alhoewel Bybelprofesieë daarop dui dat ons nasies nie sal verander nie, *kan u* dit wel doen indien u opreg na God begin *soek* en *leer* uit hierdie duidelike lesse van die geskiedenis. WvM


# Vervulde Profesie:

## God se Hand in Wêreldsake

***Vandag staar die mensdom verbysterende krisisse van oorlog, siektes, besoedeling, droogte en hongersnood in die gesig. Waarheen sal dit alles lei?***

***Bybelprofesie onthul dat God deur huidige gebeure werk om 'n toekomstige tyd tot stand te bring wanneer die hele wêreld vrede sal ervaar.***

***Indien u verstaan wat God nou doen en wat Hy vir Sy skepping beplan het, kan u hoop hê, selfs in tye van teëspoed!***

Skryf in of skakel ons om u eie kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting in die hande te kry!

# Die sonde van vooroordeel, voortrekkery en partydigheid

**Deur Roger Meyer**

*Daar is 'n verskil tussen onregverdige oordeel en ware onderskeiding*

Die Westerse media gebruik dikwels onnadenkend die woorde *vooroordeel* en *partydigheid*. Die woord *vooroordeel* beskryf 'n partydige en negatiewe gesindheid teenoor 'n ander persoon of groep mense en die gevolg daarvan is gewoonlik onverdraagsaamheid en openlike vyandigheid teenoor hulle. Vooroordeel is meestal 'n sterk teensin in iemand wat slegs gebaseer is op vooropgestelde idees of aannames oor ras, etnisiteit, ouderdom, geslag, godsdiens of ander faktore. Die woord *voortrek* hou verband met vooroordeel en word dikwels gebruik om 'n sterk, onregverdige voorkeur of goedgunstigheid te beskryf wat onregverdig aan een persoon betoon word teenoor iemand anders. *Partydigheid* verwys na eensydige sekterisme of kliekvorming – gesindhede wat deelnemers dikwels motiveer in die politieke arena.

Die sosiale media is vol haatdraende en skokkende reaksies op partydigheid asook beledigende skeltaal en beskuldigings van verskeie "ismes" soos rassisme, anti-Semitisme, seksisme en chauvinisme. Al hierdie opruiende welsprekendheid blaas die vuur van haat aan, wat lyk of dit elke dag hewiger word. In die nuus is beskuldigings van partydigheid onder politici aan die orde van die dag.

Dit lyk asof dit die menslike aard is om *bevooroordeeld te wees* en dan mense te bevoordeel of hulle voorkeur te gee op grond van daardie vooroordele.

Die Bybel leer volgelinge van Jesus Christus om beslissings te maak, om verskille te onderskei en voorkeur aan sommige dinge te gee en ander dinge te verwerp. Sodanige Christelike onderskeidingsvermoë word dikwels verkeerdelik in dieselfde kategorie as hierdie sondige praktyke geplaas – vooroordeel, voortrekkery en partydigheid – terwyl sonde verwelkom word en *die versuim om* onderskeidingsvermoë aan die dag te lê nou beskou word as die hoogtepunt van verligting en onbevooroordeelde denke. Opregte volgelinge van Christus moet sulke idees verwerp!

**God se oordele is goed**

Die Almagtige God is nie bevooroordeeld, voortrekkerig of partydig nie. Hy sê deur die apostel Paulus vir ons: "Daar is nie *meer* Jood of Griek nie, daar is nie *meer* slaaf of vryman nie, daar is nie *meer* man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus" (Galásiërs 3:28). Dit is duidelik dat om aan 'n spesifieke ras, etniese groep, ekonomiese status of biologiese geslag – manlik of vroulik – te behoort, nie sonde is nie en dit behoort dus nie 'n basis vir vooroordeel of partydigheid te wees nie.

Daar word egter van 'n Christen verwag om te onderskei tussen sonde en regverdigheid soos dit in die Bybel omskryf word. Net so moet Christene hulleself distansieer van diegene wat behep is met twisgierigheid en argumentering asook die mense wat ander slegmaak en bose agterdog koester (1 Timótheüs 6:3-5). Christene word ook dié opdrag gegee: "Laat elkeen wat die Naam van Christus noem, afstand doen van die ongeregtigheid" (2 Timótheüs 2:19). Die Skepper-God besluit wat ongeregtigheid of wetteloosheid is. Om te doen wat God sê is Christelikheid, nie voorkeur gee nie. Deur sonde raak te sien en te kies om 'n mens self daarvan te distansieer, is nie vooroordeel nie. Deur 'n ware volgeling van Christus te wees, is nie partydigheid nie.

**Onderskeidingsvermoë is 'n Christen se lewenswyse**

God het antieke Israel opdrag gegee om onpartydig te wees wanneer hulle oordeel (Exodus 23:2-9; Levítikus 19:15). Hy het Israel egter ook beveel om nie soos die nasies rondom hulle op te tree nie (Levítikus 18:3, 24; Deuteronómium 18:9). Gedurende Jesus Christus se tyd het godsdienstige Jode in wese die heidene vermy, deur so te sê niks met hulle te doen te hê nie. In 'n visioen aan die apostel Petrus, openbaar God egter dat daar ook redding aan die heidene gebied word. Trouens die doel van Petrus se visioen was nie om aan te dui dat dit nou toelaatbaar is om onrein vleis te eet nie, maar het eerder daarop gewys dat *geen mens* as minderwaardig of onrein beskou behoort te word nie (Handelinge 10:28) en dat God niemand voortrek nie (vers 34). (Verwys na ons Julie-Augustus 2020 artikel "Wil u *dít* regtig eet?" vir meer inligting.)

Jakobus het ons ook teen vooroordeel en partydigheid gewaarsku. Trouens, dit is sonde (Jakobus 2:1, 8-10). Niemand behoort egter tot die gevolgtrekking te kom dat, om vooroordeel, voortrekkery of partydigheid, te vermy, beteken dat 'n Christen alle dinge moet goedkeur wat deur God as sonde in Sy Woord as sonde bestempel word nie. Om "polities korrek" te wees, is nie God se benadering nie en dit behoort ook nie die benadering te wees van diegene wat Christus volg nie. Die Vader en Seun noem enige oortreding van God se heilige Wet presies wat dit is: sonde (1 Johannes 3:4).

Vir meer inligting oor hierdie onderwerp, lees "*Sins of Racism, Anarchy and Secularism*!" en "*Racism in America: A Thing of the Past*?" by *TomorrowsWorld.org*. WvM

# Dagga – wonder genees-middel of slangolie

## Deur Gerald Weston

Terwyl ons die term nie meer so gereeld hoor soos voorheen nie, stel die moderne lewe voor dat ons dit weereens moet aanvaar: **Slangolie**. In die agtiende eeu se Europa en Amerika het smouse slangolie "geneesmiddels" verkoop, en beweer dat hulle alles kan genees wat met mens verkeerd kan wees – ondanks baie bewyse tot die teendeel. Mettertyd is die term "slangolie" gekoppel aan enige bedrieglike gesondheidsproduk waaroor oordrewe aansprake gemaak word, en wat verkoop is deur individue wat in niks anders as geld belangstel nie.

Dagga is omstrede. Hoekom? En waarom ondersteun mense wat nie belangstel om bedwelmd te raak nie, dit nou skielik? Baie van die antwoorde behels wat dikwels "medisinale marihuana" genoem word. Wat behoort ons te weet oor hierdie voortdurend ontwikkelende onderwerp?

Twee bestanddele in dagga geniet die meeste aandag: delta-9-tetrahydrocannabinol (THC) en cannabidiol (CBD). THC is die bedwelmende, hallusinogene bestanddeel, terwyl CBD alleen nie so 'n effek het nie. CBD is wettig in baie jurisdiksies en moet nie verwar word met die bedwelmende aspek van dagga nie – en daarin lê 'n groot deel van die probleem. Soos een besonder baie geadverteerde handelsmerk sê: "CBD is nie dagga nie." *Medical News Today* klaar die verskil op:

> CBD kom van die *cannabis*plant. Mense verwys na *cannabis*-plante as hennep of dagga, afhangende van hul THC-vlak. Hennepplante wat wettig is kragtens die Plaaswet moet minder as 0,3% THC bevat. Oor die jare heen het daggaboere hul plante selektief geteel om hoë vlakke THC en ander verbindings te bevat ... Hennepboere het die plant egter selde gewysig. Hierdie hennepplante word gebruik om CBD-olie te vervaardig ("*Everything you need to know about CBD oil*" 27 Julie 2018).

Nietemin is die bedwelmende THC-swaar dagga-plant wyd verwar met die hennepplant wat gebruik word om CBD te verkry. Hoekom? Soos ons sal sien, deur die twee plante met mekaar te verbind en te verwar, wen diegene wat wettiging van die bedwelmende daggaplant verlang, 'n goed uitgedinkte propaganda-oorlog. Ons sal dit verder verduidelik, maar laat ons eers kyk na CBD. Diegene wat dit bevorder, skep die indruk dat daar wetenskaplike bewyse is vir die voordele daarvan. Artikels wat deur objektiewe mediese bronne en promotors van die produk geskryf is, is egter gevul met subtiele frases soos: "Studies *dui* daarop dat CBD kan help," "Studies *toon aan* dat CBD simptome kan help verminder," en "CBD toon *belofte*."

**Die agenda**

Medisinale dagga is oor die afgelope dekade hoog aangeskryf, en die aantal kwale wat dit volgens berigte "help" - en selfs "genees" is verbasend. Die *Ohio Medical Marijuana Control Program* lys 21 toestande waarvoor dit wettiglik voorgeskryf kan word:

> VIGS, amyotrofiese laterale sklerose, Alzheimersiekte, kanker, chroniese traumatiese enkefalopatie, Crohn se siekte, epilepsie of 'n ander aanvalstoornis, fibromialgie, gloukoom, hepatitis C, inflammatoriese dermsiekte, veelvuldige sklerose, pyn wat of chronies en erg of hardnekkig is,

Parkinson-siekte, positiewe status vir MIV, post-traumatiese stresversteuring, sekelselanemie, rugmurgsiekte of besering, Tourette-sindroom, traumatiese breinbesering en ulseratiewe kolitis.

Ondanks dit alles, skryf 'n vooraanstaande lid van die advieskomitee in Ohio vir mediese marihuana, dr. Gary Wenk, die volgende in *Psychology Today*:

> As u aan een van hierdie afwykings ly, is die belangrikste vraag wat u aan u adviseur moet stel, of u voordeel kan trek uit daggagebruik. As u adviseur "ja" sê, kan u seker wees dat hy of sy onkundig is oor die huidige stand van mediese navorsing oor dagga. Eenvoudig gestel, daar is geen betroubare kliniese bewyse om die gebruik van dagga vir enige een van hierdie toestande te ondersteun nie – hoegenaamd nie ("*What Medical Marijuana is, and is Not, Good for*", 15 Julie 2018).

Dr. Wenk sê verder dat hy van mening is dat die ideale mediese adviseur in so 'n geval iemand is wat erken dat hy nie regtig weet of mediese dagga voordele inhou of nie – iemand wat openhartig, maar terselfdertyd versigtig is.

Hy wys daarop dat baie van die getuienis vir mediese dagga anekdoties is, en getuienisse bevat van individue eerder as die bevindings van objektiewe en noukeurig uitgevoerde wetenskaplike studies. Hy noem ook die baie werklike *placebo*-effek: mense wat glo dat dit met hulle beter sal gaan, doen dit dikwels – nie as gevolg van die "medisyne" nie (meestal blote "suikerpilletjies", sonder dat hulle dit weet), maar as gevolg van die denke wat aan die werk is. Dr. Wenk merk op dat sommige dierestudies daarop dui dat dagga 'n belofte toon om pyn te verminder – maar soos iemand uit sy statuur uit ervaring weet, wat vir muise werk, werk nie noodwendig vir mense nie. Hy is oop vir moontlikhede oor die onderwerp, maar is tog met reg versigtig en huiwerig om onregverdigbare gevolgtrekkings te maak.

Sy benadering staan in skrille kontras met soveel oningeligte entoesiaste wat tot die verdediging van dagga gevolgtrekkings maak sonder om 'n paar fundamentele vrae te stel: Kwalifiseer anekdotiese getuienis as bewyse? Of is dit die hoofbestanddeel van 'n slangolie-verkooptaktiek? Is dagga die enigste weg om te volg? Of selfs die beste een? Watter dosis is geskik? Wat is die newe-effekte? Hoe werk dit saam met ander medisyne of voedsel?

Te midde van dit alles staan 'n verklaring van dr. Wenk wat nie afgemaak moet word nie: "*Eenvoudig gestel, daar is geen betroubare kliniese bewyse om die gebruik van dagga vir enige van hierdie toestande te ondersteun nie – hoegenaamd nie*."

**'n Les geleer en vergeet**

Dit kan wees dat die derivaat CBD 'n merkwaardige potensiaal in medisyne het. Baie van diegene wat die wettiging van dagga aanmoedig, neem onverskillig aan dat "dit sekerlik so kan wees". Sommige gaan so ver as om dit as die "heilige plant" te propageer – 'n God-gegewe wondermedisyne, wat enigiets wat met mens verkeerd kan wees kan genees.

Wat is die probleem met dit alles?

Die gemiddelde persoon is waarskynlik nie vertroud met *High Times* nie, 'n Amerikaanse tydskrif gewy aan die dwelm-kultuur. Tom Forçade het *High Times* in 1974 gestig, maar het aan iets gely wat algemeen is onder swaar dwelmgebruikers – gemoedskommelings en paranoia - en hy het sy lewe in 1978 met 'n enkele koeël beëindig.

Bob Greene van die *Chicago Tribune* het 'n onderhoud gevoer met die uitvoerende redakteur van *High Times* en skryf in 'n kolom op 30 Maart 1987 dat "die stigter van die tydskrif, Thomas Forcade ... wou hê dat *High Times* vir dwelms moes doen wat *Playboy* vir seks gedoen het, asook wat die Rolling Stone vir musiek gedoen het." "*'What to Read if You Just Don't Say 'No.'*"

*ChicagoTribune.com*).

Keith Stroup is nog 'n belangrike promotor van hallusinogene dagga. In 1970 begin Stroup die *National Organization for the Reform of Marijuana Laws* (NORML) in reaksie op 'n vriend se arrestasie vir besit. Hy wou oorspronklik hê dat die "R" moet staan vir "Herroeping", maar het besef dat die meeste Amerikaners nie ten gunste van die wettiging van pot was nie.

Stroup beweer dat hy meer anti-tronk is as pro-dagga, maar soos soveel ander gedurende die 1970's, het Stroup self met dagga rondgespeel. Destyds het die meeste dagga baie lae vlakke van THC bevat, dikwels minder as 1 persent en selde meer as 2 persent. Stroup is egter aan 'n baie kragtiger bron bekend gestel en het paranoia ervaar, wat ons bring by iets wat baie mense nie erken nie: Vandag se dagga is nie die dagga van die Woodstock-generasie nie. Dit is vandag meer tiperend dat dagga 20 tot 25 persent THC bevat!

Alex Berenson was 'n verslaggewer vir die *New York Times* en 'n selfbeskrywende "libertyn" wanneer dit by dagga gekom het – totdat 'n gesprek met sy vrou, 'n psigiater wat werk met die kriminele kranksinniges, vrae in sy gedagtes laat ontstaan het. Daardie gesprek het hom aangemoedig om ernstige navorsing te doen, wat verder daartoe gelei het dat hy *Tell Your Children: The Truth About Marijuana, Mental Illness and Violence,* geskryf het. Daarin verduidelik hy die volgende:

> Stroup en NORML het gewen toe hulle hul stryd gevoer het onder die dekmantel van burgerregte en billikheid in wetstoepassing. Toe dit bekend geword het dat hulle voorstanders daarvan is om bedwelmd te raak, het die publiek teen hulle gedraai. Die manier om vastrapplek te kry vir die wettiging van dagga, was om die argument te voer oor alles anders as die rede waarom mense die dwelm gebruik. Stroup het daardie feit voor enigiemand anders besef. Toe vergeet hy – en sy beweging het die prys betaal (Berenson, bl. 46).

## Aas en verandering van opinie

Dit kan maklik wees om hierdie dagga-kontroversie uit te sorteer as voorstanders afsonderlik na CBD en THC sou kyk, maar hulle doen dit doelbewus nie. Terwyl 'n groot deel van die "mediese" bespreking oor CBD handel, is die doel van die dagga-voorstanders om THC te wettig, en wat baie mense nie verstaan nie, is dat 'n reuse dagga-drukgroep wat miljoene dollars sterk is, aan die werk is. Hoeveel mense weet dat die miljardêr George Soros een honderd miljoen US dollar in die verkoopspromosie gepomp het?

Aktiviste het op verskillende tye verskillende openbare mening-veldtogte gevoer, soos die bewering dat die oorlog teen dagga en teen onwettige dwelms in die algemeen, rassisties gebaseer is. Hulle het die idee bevorder dat die oorlog teen dwelmmiddels 'n vermorsing van hulpbronne is, en dat dit die lewens van "gewone" mense vernietig deur hulle misdadigers te maak omdat hulle 'n onskadelike plesiertjie geniet. Maar, die doel van hulle mees onlangse en suksesvolste veldtog is om gewone mense soos ek en jy te oortuig, mense wat geen belangstelling het om dit te beproef nie, dat dagga medisyne is. Wie wil immers teen medisyne wees? Boonop glo mense verkeerdelik dat dagga natuurlik en veilig is, anders as chemiese farmaseutiese produkte.

Wat te veel gewone mense nie besef nie, is dat hulle pionne is in die hande van individue wat 'n goed-georkestreerde veldtog voer om *ontspanningsdagga te wettig*. Dit is hul spel. Soos Berenson verduidelik:

> Om wettiging te koppel aan mediese gebruik is die belangrikste stap. Dit moedig kiesers aan om dagga as iets anders as 'n dwelmmiddel te beskou. In werklikheid, behalwe vir 'n paar beperkte gevalle, soos kankerverwante uit-

> tering, is daar nog nooit bewys dat nôg dagga, nóg THC (die bedwelmende bestanddeel) in ewekansige kliniese toetse werk nie (bll. xvii-xviii).

Talle medisyne word van plante verkry. Opioïede kom van papawers en bring welkome verligting vir pasiënte wat baie erge pyn het, maar hulle kom met 'n prys. Gedurende 2016 en 2017 het opioïed-oordosisse alleenlik meer Amerikaners gedood as in die Viëtnamoorlog.

Een van die aansprake van voorstanders is dat daggas, hetsy THC of CBD, kanker genees, of ten minste die onaangename gevolge van kankerbehandelings verminder. Soos Dr. Wenk egter geskryf het:

> Volgens die Nasionale Kanker Instituut ... is daar onvoldoende bewyse om aan te beveel dat dagga gebruik word as behandeling vir kankerverwante simptome of simptome wat verband hou met kankerbehandeling of die newe-effekte daarvan. Ja, dagga kan kankerselle doodmaak. Baie ander chemikalieë kan ook, soos bv. nikotien, maar niemand sal aanbeveel dat u sigarette begin rook om u longkanker te behandel nie.

Ek is nie 'n dokter nie en speel nie een op televisie nie. Ek sluk ook nie al die aansprake van farmaseutiese maatskappye op nie. Maar, een punt moet voor die hand liggend wees: Medisyne het korttermyn- en langtermyn newe-effekte, en dit sluit CBD sowel as THC in. Op televisiestasies word advertensies geloods wat die nuutste wondermedisyne bevorder, gevolg deur advertensies vir regsfirmas wat beplan om die dwelmondernemings te dagvaar vir hul voorheen genoemde wondermiddel. Medisyne help sommige individue, maar maak ander dood. Dit is 'n feit van die lewe – en die dood!

As mense van "medisinale dagga" praat, is dit belangrik om te verstaan wat hulle regtig bedoel. Mens moet ook vra: Waarom hoor ons so baie van die wettiging van medisinale dagga wanneer CBD reeds in die meeste jurisdiksies wettig is? Die antwoord is voor die hand liggend. *Voorstanders van medisinale dagga wil hê dat THC gewettig moet word, nie net CBD* nie. Hierdie verkopers van slangolie het 'n aas en verandering van opinie te weeg gebring. Let op die vordering van die een jurisdiksie ná die ander: wettig eers medisinale dagga, wettig dan ontspanningsdagga.

Ons by die *Wêreld van Môre* ontken nie dat beperkte mediese voordele van een of van albei, van die twee hoofbestanddele van dagga moontlik eendag deur middel van behoorlike mediese en wetenskaplike toetsing ontdek en gedemonstreer kan word nie. Ons besef egter ook dat die eindspel vir aktiviste vir die gebruik van medisinale dagga is om die gebruik van dagga vir ontspanning te bevorder. Dit is 'n morele kwessie eerder as 'n mediese probleem. Die stormloop na wettiging het reeds ernstige gevolge gebring, en die situasie sal net erger word.

Behalwe sterftes van oordosering, is een van die ernstigste gevolge van daggagebruik *amotiveringsindroom*: Die verlies aan inisiatief. Daar kan uitsonderings wees – enkele gebruikers wat baie gemotiveerd is – maar met vandag se veel kragtiger dagga-plantlyne is daar 'n generasiegolf van ongemotiveerde slagoffers. Wat kan dit doen vir die toekoms van 'n volk?

**Volg die geld**

'n Snaakse ding het gebeur nadat medisinale dagga aanvaarding gekry het. Entrepreneurs het ontdek dat daar geld in steek! Nie net is medisinale dagga, of dit THC of CBD is, die wondermiddel wat u genees nie, maar dit is ook die gans wat die goue eiers lê. Kwekers, verspreiders en regerings samel geld in.

Ja, dagga het skielik groot besigheid geword. Selfs die voormalige Amerikaanse Speaker van die parlement, John Boehner, het seminare

geadverteer oor hoe om munt te slaan uit die dagga-oplewing en dit is groot nuus in finansiële nuusbriewe. Een beleggings-adviseur het onlangs geskryf: "In 2020 gaan dagga groter wees as sjokolade ... groter as organiese kos ... groter as wyn!" (*"Why Cannabis Will Be More Popular Than Chocolate and More Amercan Than Apple Pie*", *WeissRatings.com*, 20 Mei 2019).

Sedert dagga gewettig is, het Kanada 'n belangrike verskaffer geword, beide binnelands as internasionaal, en voer dagga-produkte uit na Australië, Brasilië, die Kaaimanseilande, Chili, Kroasië, Ciprus, Duitsland, Nieu-Seeland en Suid-Afrika ("*Global Reach*," *Tilray.com*).

Een van die grootste uitvoerders is Tilray, wat CBD-olies vervaardig (die nie-hallusinogene ekstrak van die dagga-plant), sowel as 'n produk genaamd "*Tilray 1:1*," wat gelyke hoeveelhede CBD en die hallusinogeen THC bevat. Een en twintig dagga-produserende maatskappye het in die openbaar aan die begin van 2019 in Kanada handel gedryf. Nege maatskappye raap miljarde dollars in, met twee wat jaarliks meer as $ 10 [±R140] miljard beloop.

"Maar ek het gedink dat dit alles gaan oor die grootste wondermiddel wat nog ooit ontdek is!" Dit mag so wees. Net die tyd sal leer. As die geskiedenis homself herhaal, kan dit net nog een bottel slangolie wees wat die mense koop. Terwyl mense die gierigheid van farmaseutiese ondernemings verpes, is diegene wat aandring op medisinale dagga, grootskaals besig daarmee! Kan ons dit nie insien nie? Moet ons dan nie 'n bietjie skepties wees as 'n "medisyne" bevorder word wat alles en nog wat genees nie, veral as die belangrikste bewys vir die effektiwiteit daarvan anekdoties is eerder as die resultaat van streng toetsing?

Wanneer honderde miljoene dollars ingepomp word in 'n veldtog wat lei tot die wettiging van 'n dwelmmiddel – een met te veel newe-effekte om in hierdie artikel te lys – behoort ons nie 'n bietjie agterdogtig te wees oor wat aangaan nie? As daar selfs terme soos "heilige plant" in die mengsel gegooi word, sien ons dan nie 'n godsdienstige ywer wat oorneem nie? Neem kennis dat, ondanks enkele misleide of ongemotiveerde bewerings tot die teendeel, dagga word al vir eeue in heidense godsdienste aangewend, maar nooit deur die priesters van die ware God nie.

**'n Toekomstige bedwelming**

Die ontslape Amerikaanse folksanger John Denver het 'n groot deel van sy lewe in Colorado deurgebring. Een van sy grootste treffers was "*Rocky Mountain High*." Die wettiging van marihuana in 2014 het die liedjie 'n konnotasie gegee wat Denver nooit bedoel het nie. Alhoewel sommige beweer het dat sy liedjie oor dwelms handel, het hy dit duidelik en beslis ontken voor 'n Amerikaanse senaatverhoor:

> My liedjie "*Rocky Mountain High*" is op baie radiostasies verbied as 'n dwelm-verwante liedjie. Dit is duidelik gedoen deur mense wat nog nooit die Rocky Gebergtes gesien of daar was nie, en wat ook nooit die opwinding, die viering van lewe of die lewensvreugde wat 'n mens ervaar, beleef het as hy iets so wonderlik waarneem as die Perseids meteor- storting op 'n maanlose wolklose nag, as daar soveel sterre is dat mens 'n skaduwee het van die lig, en mens saam met jou vriende, jou beste vriende gaan kampeer het en hulle vir die eerste keer bekend gestel het aan een van die natuur se skouspel-agtigste ligvertonings ("*Rocky Mountain High deur John Denver,*" *Song Facts.com*).

John Denver beskryf 'n heel ander soort bedwelming as dié wat handelaars dwars oor die stad Denver nou bevorder. Tog sal 'n bedwelming deur

*Vervolg op bladsy 26*

# Londen Roep
# "God save the Queen!" [God beskerm die koningin!"]

**Deur Peter Nathan**

"*God save the Queen*" is 'n onmiddellik herkenbare frase van patriotiese sentiment in die Britse Statebond. Dit spreek hoop uit vir die lang heerskappy van die koningin en respek vir haar superioriteit in die nasionale lewe; trouens dit is te vinde op alle formele proklamasies wat van die kroon afkomstig is. Dit spreek ook vertroue uit dat God tot die land se redding kom in tye van nood. In die middel van die agtiende eeu, tydens die bewind van George II en die moeilike periode van die Jakobitiese rebellie, is die volkslied *"God save the King"* vir die eerste keer gesing en het later die volkslied van die VK geword. Dit is vinnig deur ander koninklike huishoudings regoor Europa aangeneem en word vandag nog deur lande van die Statebond gebruik.

Die woorde herinner aan die verhaal in die Bybel van koning Salomo se kroning (1 Konings 1:34-39) en was gebruik in die eerste aangetekende kroning van 'n Engelse monarg, toe Egbert as koning gekroon is in die Bath-katedraal in die vroeë 800's n.C.

Hoe kan God egter "*die koningin beskerm*" wanneer dit lyk asof so baie mense van haar koninkryk Friedrich Nietzsche se beroemde edik van 1882 naamlik "*God is dood*", aanvaar het (*Die Fröhliche Wissenschaft:* Leipzig: E.W. Fritzsch, bl. 137)? God leef beslis nié in die gedagtes en gedrag van baie Britse burgers nie. In 2017 het *The Guardian* na aanleiding van 'n Britse meningspeiling in verband met die resultate van die *"British Social Attitudes"* berig dat meer as die helfte van alle volwassenes in die VK en byna driekwart van alle 18-jariges tot 24-jariges sê dat hulle geen godsdienstige verbintenis het om van te praat nie. ("Die opname toon: Meer as die helfte van die VK se bevolking het geen godsdiens nie*"*, 4 September 2017). 'n Studie van die Pew Navorsingsentrum het in 2018 berig dat 65 persent van "godsdienstig nie-geaffilieerde" burgers in die VK gesê het dat hulle so grootgemaak is. Van daardie groep het meer as 70 persent die wetenskap beskou as voldoende om enige behoefte aan godsdiens in hulle lewens te bevredig.

Greg Sheridan, 'n besoekende genoot by *King's College*, 'n deel van die Universiteit van Londen, het in 'n onlangse tydskrifartikel opgemerk: "Dit lyk asof die meeste Britte glo dat dit dom is om geloof te hê" ("*The West cannot survive without a re-energised belief in Christianity*", *The Spectator*, 10 Augustus 2019). Hy merk op dat Brittanje meer ateïsties as sy vaderland Australië is, wat op sy beurt nog meer ateïsties is as die Verenigde State en dat godsdienstige oortuiging dwarsdeur die Engelstalige wêreld vinnig versleg.

**Waarom is dit so?**

Na die Tweede Wêreldoorlog was Brittanje se hoëlui vasbeslote om die Britse samelewing te herskep met die wetenskap as grondslag. Rasionalisme eerder as spiritualiteit het die toonaangewende ingesteldheid geword. Die resultaat was die vinnige verwêreldliking van die samelewing. In 1963 het die Anglikaanse teoloog Harry Blamires verklaar: "Daar is nie meer 'n Christelike denke nie" – die eerste sin van 'n hoofstuk met die titel "*The Surrender to Secularism*" (*The Christian Mind*, bl. 3). Nou, amper 60 jaar later, kan skrywers soos Sheridan hierdie waarneming met betrekking tot die Britse samelewing met nog groter oortuiging maak.

Sheridan se punt is dat vir die oorlewing van die Westerse beskawing, dit 'n "*herlewing van geloof in die Christendom"* nodig het. Sheridan is nie die eerste

persoon wat dit uitwys nie. Pous Johannes Paulus II het die Europese Parlement in Straatsburg in Oktober 1988 toegespreek en 'n oproep gedoen vir 'n "verenigde Europa vanaf die Oeralgebergte tot die Atlantiese Oseaan". Godsdienstige eenheid eerder as politiese eenheid, was die belangrikste wat hy in sy gedagtes gehad het – 'n eenheid wat spruit uit Europa se *"meer intense soeke na sy siel"* (George Weigel, *Witness to Hope*, 1999: HarperCollins, bll. 542, 584). Deur die pleidooi te ignoreer, het Europa in plaas daarvan probeer om enige verwysings na die rol wat die Christendom in die grondslag en identiteit gespeel het, te ignoreer of heeltemal te skrap, asof dit iets is om oor skaam te wees. Sheridan som dit goed op in sy artikel as hy sê: "Die moderne liberale opinie is nie net vyandig teenoor die Christendom nie, dit is duidelik verleë oor enige verbintenis daarmee". Dit geld vir Europa sowel as vir die Verenigde Koninkryk.

Hoe kan die Westerse wêreld dus 'n "oplewing" van geloof in die Christendom ontwikkel as die wêreld rondom hom toenemend wêreldlik raak? Soos John Paul II voor hom, bied Sheridan nie 'n maklike antwoord vir die probleem nie, maar beklemtoon eerder die behoefte aan 'n *terugkeer na godsdiens*.

**Hoe sou dit egter plaasvind?**

Volgens 'n betroubare Bron wat duisende jare gelede geskryf is, sal daar binnekort 'n herlewing van godsdiens in Europa plaasvind wat sal lyk asof dit die weg aandui. Dit sal egter 'n groot verandering in die Europese denke verg: 'n Bereidwilligheid om die bonatuurlike wêreld te erken, ten spyte van die feit dat sulke idees deesdae ten gunste van rasionalisme verwerp word.

Die boek Openbaring, die laaste boek in u Bybel, voorspel 'n persoon wat tekens, verstommende dade en wonderwerke sal doen om die wêreld te *mislei* (Openbaring 13:11-17). Die resultaat sal 'n godsdienstige herlewing wees waarin ons huidige rasionalistiese bevolking die skepping van 'n gekombineerde godsdienstige/ekonomiese stelsel sal aanneem. Dit mag dalk lyk na 'n opvallende soort van herlewing van godsdiens, maar die Bybel toon dat dit 'n besliste *goddelose* verloop van sake sal wees. Dit sal nie vir ewig bestaan nie en inderdaad ook nie vir baie lank nie.

Gereelde lesers van die *Wêreld van Môre* weet dat ons die Wederkoms van Jesus Christus as Koning van die konings en Here van die here verkondig, soos dit in profesieë regdeur die hele Bybel uiteengesit is – veral in die boek Openbaring. Jesus Christus se Wederkoms sal die vernietiging van hierdie herleefde godsdiensstelsel teweegbring. Hulle sal teen Hom veg en met Sy Wederkoms verslaan word. Die gevolg, soos geprofeteer en seker is, sal die vestiging van *die ware aanbidding van God* wees. Dit is nie die oplossing wat Johannes Paulus II in sy verklaring aan die Europeërs in gedagte gehad het nie. Dit is ook nie wat hy daarna met die Sowjet-leier Mikhail Gorbachev tydens sy besoek aan die Vatikaan in 1989 bespreek het nie. Johannes Paulus II het gestreef na "'n herstel van normaliteit, 'n terugkeer na Europa se ware geskiedkundige verloop" (Weigel, bl. 602). Die uitwerking van Christus se Wederkoms sal eerder wees dat die aarde met die kennis van God gevul sal word "soos die waters die seebodem oordek" (Jesaja 11:9; Hábakuk 2:14).

Na Jesus Christus se Wederkoms sal die burgers van die Verenigde Koninkryk en alle ander aardse koninkryke met begrip en oortuiging aan die Koning van die konings kan uitroep: "God beskerm die Koning!" *["God save the King!"].* Elke mens, ja *elkeen,* sal weet dat 'n almagtige God in die hemel en ook op die aarde regeer.

Indien u nog nie ons volgende twee boekies gelees het nie, *OPENBARING: Die Verborgenheid Onthul* en *Die Dier van Openbaring: Mite, beeldspraak of werklikheid*? – wat albei 'n enorme hoeveelheid lig op hierdie onderwerp werp – kan u dit aanlyn lees by *wvm.co.za* of u kan 'n gratis eksemplaar by u naaste streekkantoor aanvra. (Adreslys op bladsy 2 van hierdie tydskrif.)

WvM

# Vrae & Antwoorde

## Is ek behoorlik gedoop?

**VRAAG:** Ek is jare gelede gedoop. Ek het aanvanklik toe ek u tydskrif en beeldsendings oor die noodsaaklikheid van doop gesien het, aanvaar dat dit dus nie op my van toepassing is nie. Nadat ek nou u literatuur gelees het, begin ek wonder of ek behoorlik gedoop is. Hoe kan ek weet?

**ANTWOORD:** Christus het sy dissipels beveel om diegene te doop wat God tot bekering geroep het: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld" (Matthéüs 28:19-20).

Wat is die vereistes in God se oë om te voldoen aan 'n geldige doop? Jesus Christus weet sekerlik, aangesien dit Hy is wat die doop as 'n vereiste vir redding vasgestel het: "En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom. Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word" (Markus 16:15-16).

Wat moet 'n mens glo? 'n Mens moet die Evangelie glo wat Jesus verkondig het. Wat is daardie Evangelie? "EN nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie" (Markus 1:14-15).

Jesus Christus, die Seun van God, het die goeie nuus gebring dat God se Koninkryk uiteindelik beheer sal neem oor al die wêreld se regerings en 'n tyd van vrede sal administreer tussen nasies wat voorheen in oorlog gewikkel was.

Waarvan moet 'n mens homself bekeer? Van sonde. Wat is sonde? "Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid" (1 Johannes 3:4). Is u gehoorsaam aan Jesus se opdrag om u te bekeer van oortreding van die Tien Gebooie (Matthéüs 19:17-19)?

Met hierdie punte in gedagte, kan u uself afvra: Het u werklik berou oor u sondes gehad toe u gedoop is? Indien u geweet het wat sonde is, maar nie met die hulp van u Verlosser besluit het om heeltemal daarvan af te sien nie, het u nie regtig berou gehad nie. Indien u nie eers geweet het wat sonde is nie (miskien het u geglo dat u as Christen sal kan doen wat u wil en dat dit nie as sonde gereken sal word nie), het u u beslis nie van u sondes bekeer nie.

Een teken van 'n ongeldige doop is dat dit nie die skriftuurlike voorbeeld gevolg het nie. Let op dat die Skrif duidelik opdrag gee dat iemand heeltemal onder die water gedompel behoort te word by die uitvoer van die doop (Matthéüs 3:13-16; Johannes 3:23; Handelinge 8:38-39). 'n Blote besprinkeling voldoen nie aan die Bybelse simboliek van die afwas van sondes van die verlede nie (Handelinge 22:16).

Indien u boonop op 'n baie jong ouderdom gedoop is – dalk selfs as 'n baba – sou u nie kon begryp wat dit beteken om berou te hê nie. Indien u nie eers die een was wat op eie versoek gedoop is nie, is dit 'n duidelike teken dat u nie ware berou kon toon nie.

Dalk voel u dat u wel berou gehad het toe u gedoop is. Indien wel, vra uself dan af: Het u die ware Evangelie geglo? Die meeste mense wat hulleself deesdae "Christene" noem, het 'n vae en verkeerde idee van die Evangelie. Sommige mense beskou dit as 'n boodskap oor Jesus, terwyl ander mense dit beskou as 'n boodskap oor welvaart of selfverwesenliking. Min mense verstaan die Waarheid – dat die Evangelie wat Jesus verkondig het, die Evangelie van die Koninkryk van God is. Dit is die boodskap van 'n Koninkryk wat binnekort sal kom en deur Jesus Christus Self regeer sal word onder wie die ganse mensdom die vreugde en seëninge sal ervaar wat dit sal meebring wanneer hulle leef volgens God se lewende weg.

Sommige mense laat hulle halsoorkop doop omdat hulle dink dat dit die sosiaal aanvaarbare ding is om te doen – miskien omdat hulle vriende almal gedoop is en hulle uitgesluit voel. As gevolg hiervan, versoek hulle om gedoop te word, lank voordat hulle "die koste" van hierdie ewige verbintenis "bereken" het (Lukas 14:28). Omdat die doop so 'n gewigtige besluit is, behoort u op u hoede te wees vir diegene wat u aanjaag om gedoop te word, sonder om u tyd te gee om daaroor te bid, te studeer en te vas terwyl u na die wil van God in u lewe soek. Om meer oor die doop te wete te kom en om diep na te dink oor u begeerte daarna, skryf aan die streekkantoor naaste aan u. Die lys van kantore verskyn op bladsy 2 van hierdie tydskrif of skakel ons vir 'n gratis eksemplaar van ons insiggewende boekie, *Behoort u Gedoop te word?* WvM

# Die werke van Sy hande
# Wat op aarde is "kwantum-oorheersing"?

## Deur Wallace G. Smith

Dit was wêreldwyd in hoofopskrifte aangekondig, maar wat beteken dit enigsins? Watter impak kan hierdie prestasie vandag in ons lewens hê? Gedurende die laaste maande van 2019 is daar in die hoofopskrifte beweer dat Google, die Internetreus, *kwantum-oorheersing* bereik het. Dit het daartoe gelei dat baie mense hulle koppe krap en vra: "Wat op aarde is 'kwantum-oorheersing'"?

Om daardie vraag te beantwoord, is dit nodig dat ons een van die mees fundamentele en verrassende aspekte van God se skepping ondersoek: Die wêreld van kwantum-meganika.

### Oor sebras en kleurpunte *[pixels]*

Om 'n idee te kry van hierdie vreemde gebied van fisika wat gebruik word om rekenaarwese te revolusioneer, is dit nodig om die kwantum-meganiese konsep van *superposisie* in oënskou te neem. Dit is 'n ongewone eienskap van materie en 'n vreemde illustrasie kan ons help om dit beter te verstaan.

Veronderstel u neem 'n foto van 'n sebra en daarná kyk u na die prentjie op u rekenaar. Wanneer u daarop infokus *[zoom]*, begin u om die individuele kleurpunte *[pixels]* van die beeld te sien. Waar die swart strepe van die sebra aan sy wit strepe raak, merk u op dat sommige kleurpunte *[pixels]* grys is – sommige donkerder grys, ander ligter, maar beslis nie 100% swart of wit nie.

In daardie gevalle verteenwoordig die kleurpunte 'n soort superposisie: 'n *Mengsel* van swart en wit. Die *enkele* kleurpunt word gedwing om 'n superposisie van *veelvoudige toestande* voor te stel, met ander woorde nie 'n suiwer swart streep nie en ook nie suiwer wit nie. *Albei* toestande is in die *enkele* kleurpunt *[pixel]* verteenwoordig en is gebaseer op die persentasie van die mengsel van swart en wit sebrahare in die klein deeltjie van 'n beeld wat die kleurpunt voorstel.

Rofweg op 'n (baie) soortgelyke wyse, is volgens kwantum-meganika, subatomiese voorwerpe waaraan ons dikwels dink as afsonderlike "deeltjies", nie heeltemal *deeltjies* nie, maar bestaan eerder gelyktydig in veelvoudige toestande. Omdat die grys kleur van die kleurpunt 'n *kombinasie* van swart en wit persentasies verteenwoordig, is die toestand van 'n sub-atomiese deeltjie "vaag" en onduidelik gedefinieer deur 'n kombinasie van al die verskillende toestande wat dit *moontlik* kan hê, gebaseer op hulle individuele waarskynlikhede dat dit sal gebeur.

Die idee dat deeltjies nie altyd duidelik gedefinieerde voorwerpe met bepaalde plekke en toestande is nie, maar in plaas daarvan op *onbepaalde* plekke en toestande kan bestaan en slegs *waarskynlik* hier of daar bestaan – is onteenseglik vreemd. Die waarheid van die kwantum-teorie is egter keer op keer bewys en vorm die basis van baie van ons moderne tegnologie. Dit het 'n dieper begrip ontsluit van doodgewone prosesse soos fotosintese en so onbegryplik groots soos die einde van massiewe gravitasiekolke.

Wat kan dit egter vir die rekenaarwese beteken?

### Ene en nulle word opgradeer

Sedert die vroeë 1900's was die basis van rekenaars *tweeledig,* met ander woorde dit stel inligting voor as 'n versameling van ene en nulle. Om 1 te gebruik vir die voorstelling van "waar" of "aan" en 0 om "onwaar" of "af" voor te stel, is tweeledige rekenkunde fundamenteel vir *volledige* rekenaarprogrammering, vanaf die toepassings op u slimfoon tot die lewensonder-steuningstelsels op die Internasionale ruimtestasie.

Daardie basiese eenheid van inligting – *aan* of *af*, *waar* of

*vals*, *1* of *0* – word 'n "*bit*" genoem, 'n woord wat afgelei is van die kombinasie van "binêr" en "syfer". Wanneer "bits", wat elk slegs gelyk is aan 1 of 0, in al hoe groter groepe versamel word, groei dit tot *bytes* [grepe], *megabytes* [mega-grepe] en *gigabytes* [giga-grepe], wat toenemend groter hoeveelhede inligting verteenwoordig. Indien u rekenaar byvoorbeeld 500 *gigabytes* inligting kan stoor, beteken dit dat dit elektriese argitektuur het wat 4,000,000,000,000 bits kan stoor – vier biljoen ene en nulle. *Alles* op daardie rekenaar word as 'n groep van daardie ene en nulle gestoor.

Die eenvoud van die bit het bewys dat dit 'n fenomenale instrument is wat ons ingewikkelde digitale wêreld in staat stel om te bestaan. Dit ís egter ook beperkend en die toepassing van kwantum-meganika stel 'n belangrike opgradering in die vooruitsig. Indien 'n skakelaar wat slegs "aan" of "af" kan wees nuttig is, wat dan as dit 'n mengsel van albei kan wees?

Dan kry ons die *qubit*. Waar 'n bit soos 'n kleurpunt *[pixel]* is, wat beperk is tot slegs swart of wit, is 'n *qubit* dieselfde as 'n kleurpunt wat albei moontlikhede gelyktydig kan wees as 'n skakering van grys.

Waar 'n klassieke rekenaar se bit beperk is tot 'n waarde van 1 *of* 0, kan 'n kwantum-rekenaar se *qubit* in 'n onbepaalde toestand bestaan wat 'n soort kombinasie van 1 *en* 0 verteenwoordig – 'n superposisie van meervoudige toestande wat gelyktydig gebaseer is op die waarskynlikheidswette van kwantum-meganika. As sodanig maak *qubits* veel kragtiger probleemoplossings moontlik vir die berekening as wat bits kan doen. Wat nou nóg?

Dit is geïllustreer deur die resultate wat op 23 Oktober 2019 in die wetenskaptydskrif *Nature* gepubliseer is. Google het aan sy kwantum-rekenaar met die naam "Sycamore" 'n probleem gegee wat dit binne ongeveer 200 sekondes opgelos het. *Nature* het beraam dat dieselfde berekening 100,000 "normale" rekenaars tot *10,000 jaar* sou neem om die probleem op te los.

"Kwantum-oorheersing" is die mylpaal wat verbygesteek word wanneer 'n kwantum-rekenaar 'n resultaat lewer wat effektief onmoontlik is vir klassieke rekenaars. Die oplossing van 'n probleem met een enkele verwerker in minder as drie-en-'n-half minute, wat 100,000 rekenaars langer sou neem as die geskiedenis van die beskawing self, is beslis 'n mylpaal!

Die rekenaarreus IBM het die eis betwis en skat dat sy eie klassieke superrekenaar binne twee-en-'n-half dae dieselfde resultaat sou kon behaal. IBM se superrekenaar met die bynaam "Summit", beslaan die ruimte van twee tennisbane en is tans die vinnigste nie-kwantum-rekenaar op die planeet. Indien Sycamore, wat in 'n kas sou kon inpas, binne 200 sekondes kan bereik wat die Summit meer as twee dae sou neem, is ons regtig op die drumpel van 'n ongekende omwenteling.

Sycamore verteenwoordig slegs 'n ruwe, simplistiese begin van die kwantum-rekenaars wat wetenskaplikes in die vooruitsig stel. Indien dit nog nie hier is nie, is kwantum-oorheersing beslis onderweg.

**Wat is die potensiële impak?**

Die potensiaal van kwantum-berekening om die wêreld te verander, word duidelik wanneer ons in aanmerking neem hoe noodsaaklik "wiskundige berekenings" in ons lewens geword het. Die dramatiese sprong in die berekeningskrag van kwantum-rekenaarwese het die potensiaal om ons te help om nuwe boumateriale en medisyne te ontwikkel of die vooruitgang van kunsmatige intelligensie te bevorder. Ons kan moontlik vooruitgang sien wat ons onsself op hierdie stadium nog nie eers kan voorstel nie.

Sommige mense bespiegel dat die heelal sélf soos 'n reuse kwantum-rekenaar werk en die aktiwiteite van sy ontelbare deeltjies en kragte van die een einde van die werklikheid na die ander "verwerk". Indien wel, namate rekenaars meer direk die natuur se eie berekenings begin naboots, kan ons nuwe insigte in fisika, chemie en biologie kry – selfs in die argitektuur van die brein self.

Die mensdom het tot nog toe nie bewys gelewer dat hulle die beste rentmeesters van sulke kennis is nie. Soos ons vorder op die pad om meer kennis te kry oor hoe God se

merkwaardige skepping werk, kom ons onvermydelik by verskeie kruispaaie met betrekking tot die manier wat ons kies om dit wat ons leer, te gebruik. 'n Begrip van God se ontwerp van materie en energie het ons in staat gestel om die krag van die atoom aan te wend – om ons stede van elektriese krag te voorsien of hulle te vernietig.

Begrip van die onbekende, onverwagte wêreld van kwantum-meganika sal ons by soortgelyke kruispaaie bring. Met watter besluite sal ons gekonfronteer word wanneer ons ten volle in beheer is van kwantum-rekenaars om te gebruik soos ons wil? Sal ons die karakter hê om dit wat ons uit hierdie aspek van God se skepping leer, behoorlik toe te pas?

Sycamore se sukses het ons aandag daarop gevestig dat ons dit dalk binnekort sal uitvind.

WvM

# Genees God VANDAG?

***Die Bybel toon aan ons dat daar 'n dag sal kom wanneer siekte-epidemies ons wêreld sal teister. Dokters en hospitale sal oorval word deur siekes en sterwendes. Diegene wat nie geleer het om op God te vertrou nie, sal geen heenkome hê nie. Indien u egter vandag leer om op God te vertrou en Hom gehoorsaam, sal u geseënd wees, moontlik selfs meer as wat u besef!***

Skryf in of skakel ons om sodoende u eie gratis kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting in die hande te ontvang!

*Vervolg vanaf bladsy 20 – Dagga – wonder geneesmiddel of slangolie*

dwelmmiddels nooit regtig bevredig nie. Ervaring toon dat onoordeelkundige dwelmgebruik lewens vernietig. Daar was 'n antieke koning wat met hedonisme geëksperimenteer het, 'n filosofie waarin die doel van die lewe is om sigself aan fisieke plesier oor te gee. Hy het betekenis gesoek in wyn, vrouens en sang, maar dit nie daar gevind nie: "Daarna het ek my begewe om wysheid en onverstandigheid en dwaasheid in oënskou te neem, want wat sal die mens kan *doen* wat ná die koning kom? ... Daarom het ek die lewe gehaat, want die werk wat onder die son gedoen word, het my mishaag, omdat alles tevergeefs is en 'n gejaag na wind" (Prediker 2:12, 17).

Ongelukkig weet baie min mense wat die betekenis van die lewe is. Vind *u* die lewe leeg en ontbrekend? Vra u: "Is dit al wat daar is?" Daar is 'n doel vir ons bestaan – en dit kom nie in hedonisme voor nie, maar op die bladsye van u Bybel. U kan daaroor leer in ons gratis publikasie, *U Uiteindelike Lotsbestemming*. Om te weet hoekom u hier is en u werk om daardie hoogste doel te bereik, bring 'n veel groter vervulling as 'n nie-altyd-so-goedkoop dampie maak nie. Lees ook ons insiggewende boekie *Dagga: Wat Hulle U nie Vertel nie* vir 'n meer volledige bespreking van hierdie onderwerp en die gevolge van ontspanningsdagga. U kan dit aanlyn lees by *TomorrowsWorld.org* of 'n gratis gedrukte eksemplaar aanvra deur die streekkantoor die naaste aan u te kontak, gelys op bladsy 2 van hierdie tydskrif.

WvM

*Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik*

deur die mens uitgedink is nie, maar van 'n wêreld waarin die menslike natuur verander sal word. Hierdie artikel laat nie ruimte toe dat 'n volledige uiteensetting hieromtrent gegee word nie, maar hou in gedagte dat dit is waaroor die Nuwe Verbond wat in die Bybel genoem word, handel. "Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer en sê: Ken die Here nie; want almal sal My ken, klein en groot onder hulle" (Hebreërs 8:10-11). Ons praat van Jesus Christus se Wederkoms na hierdie aarde om die heerskappy oor te neem en uitvoerbare oplossings vir die mensdom se probleme te bring. Hy sal oor die mag beskik om dit ten uitvoer te bring.

Die profeet Sagaría vertel van 'n toekomstige tyd wanneer Jerusalem deur vyande omring sal word en 'n sterk hand die inwoners van die stad sal red (Sagaría 12,14). Dit sal gebeur wanneer Jesus Christus sal terugkeer en sal "Koning wees oor die hele aarde" (Sagaría 14:9). Dit is wanneer koning Dawid uit die dood opgewek sal word om onder Jesus Christus, oor al die stamme van Israel te regeer (Jeremia 30:9; Eségiël 34:23-24; 37:24-25). Dit is wanneer Christus se twaalf Apostels koning Dawid sal bystaan en elkeen van hulle oor een van die twaalf stamme van Israel sal regeer (Matthéüs 19:28). Dit is hierdie komende Koninkryk van God wat Jesus drie-en-'n-half jaar voor Sy kruisdood verkondig het!

Is dit die boodskap waaraan mense dink wanneer hulle bid: "... laat U koninkryk kom"? Is dit die boodskap waaraan *u* dink wanneer *u* hierdie woorde lees of daaroor praat? Jesus het gesê dat Hy weer sal kom en 'n Koninkryk op hierdie aarde sal vestig. Glo u dit? Ek hoop so, want Hy beveel ons om dit te glo: "En nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie" (Markus 1:14-15).

Jesus is die Koning van die Koninkryk en Hy was gereed om dit te verteenwoordig, maar let op dat dit nie vir daardie tyd was nie. "En terwyl hulle na hierdie dinge luister, vertel Hy daar nog 'n gelykenis by, omdat Hy naby Jerusalem was en hulle gedink het dat die koninkryk van God onmiddellik sou verskyn" (Lukas 19:11).

**Die ware hoop vir Christus se volgelinge**

Die koms van daardie Koninkryk hang nie daarvan af of ons dit glo of nie, maar daar is baie goeie nuus vir diegene wat *wel* glo. Die gelykenis wat Jesus in Lukas 19 vertel het, toon dat daar 'n ongelooflike beloning vir diegene is wat aan Christus behoort by Sy koms. Net soos daar aan Dawid en die Apostels posisies van heerskappy beloof is, so word dit ook aan ons belowe. Aan die een persoon wat sy talent tienvoudig vermeerder het, gee Hy tien stede. Aan die een persoon wat dit vyfvoudig vermeerder het, gee Hy vyf stede. Die talente hier verteenwoordig wat ons met God se roeping doen, hoeveel ons groei en oorwin. Ons word *gered* deur geloof (Efésiërs 2:8), maar ons word volgens ons werke *beloon:* "En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees" (Openbaring 22:12 ).

Jesus roep individue wat nie met die stroom van hierdie wêreld saamgaan nie, wat uit hulle gemaksones tree en in geloof die Werk van God doen. Dit is die paar uitverkorenes wat handel volgens wat hulle weet – nie die baie mense wat geroep word maar wat uitstel en nalaat om tot aksie

**Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.**

# Onthou asseblief om in te skakel op *Tomorrow's World* TV-program van 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende, **kanaal 263** op DStv.

oor te gaan nie. Let op hierdie ernstige waarskuwing: "Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan. Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind" (Matthéüs 7:13-14).

Die Koninkryk van God is dít waarna elke ware gelowige behoort te streef. Jesus het ons self opdrag gegee: "Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word" (Matthéüs 6:33). Elkeen wat daardie doel voorop in sy denke en hart stel, sal elke dag bid – watter opregte woorde ookal in 'n persoon se gemoed opkom om te gebruik – dit is presies dít wat Jesus gesê het waarvoor ons moet bid: "... laat U koninkryk kom"!



## Wêreld van Môre

# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 3016**
**Harrismith, FS**
**9880**

**of skakel : 058 622 1424**
**en meld dat u navraag doen**
**oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**